Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 5. Kaapstad, Woensdag, 21 Aug. 1946. No. 39.

# „SAMEWERKING MOET IN VOLGENDE MAANDE KOM" —

## *Die K.G. op Worcester*

**Aanstaande jaar gaan Suid-Afrika koninklike besoek kry. Dit gaan 'n ongekende vlaag van koning-histerie en -aanl idding opjaag. Soveelso, dat die huidige Empire-bewind nie maklik onder gunstiger omstandighede 'n verkiesing sal kan uitskryf nie. Daarom is dit bes moontlik dat die algemene verkiesing aanstaande jaar in Junie kan plaasvind, het dr. J. F. J. van Rensburg verlede Saterdagaand in die stampvolle skousaal op Worcester verklaar voor 'n gehoor van meer as 'n duisend Afrikaners.**

**Dit is derhalwe hoog tyd om die broederstryd, wat nooit moes begin het nie, te beëindig, het hy gesê. As ons mekaar wil vind moet ons dit in die eersvolgende maande doen.**

Daarom maak die O.B., net soos in die jongste verkiesing, weer 'n aanbod ten opsigte van die aanstaande een.

**Die O.B. doen aan die hand dat daar samewerking kom waarin niemand iets opoffer nie — allermins sy eie identiteit of beginsels.**

**Die deur moet oopstaan vir almal wat wil saamwerk om die Smuts-regering te verslaan. Politieke sowel as sosiale groepe moet vry wees om in so 'n front saam te werk.** Die samewerkende groepe kan b.v. bestaan uit die O.B., die H.N.P. of V.P., die A.P., Landbou-unies, Vakbonde, ens. Die O.B. is nie te vinde vir 'n kombinasie van twee teen die res nie. Die deur moet oopstaan vir almal.

**Dit dien onthou te word dat die O.B. vir homself geen setels eis nie, en gevolglik die deel van die front sal wees wat nie parlementêre verteenwoordiging het nie, het dr. Van Rensburg gesê.**

Na aanleiding van die viering van die agste verjaardag van die O.B. het die K.G. drie goeie redes genoem waarom die O.B. reeds sy bestaan regverdig het.



**Dr. J. F. J. van Rensburg**

### REPUBLIKEINSE BESIELING

**Die O.B. het die republikeinse besieling van die Afrikanervolk geword — nie met woorde nie, maar met die dade waarmee hy die spit teen die Empire afgebyt het.** Gedurende die afgelope 40—50 jaar was republikanisme 'n faktor in ons volkslewe — en hy gaan dit bly. Terwyl die republikeinse stroom sterker word, verswak die imperialistiese stroom, soos bv. die ontruiming van Egipte deur die Britse Empire getuig.

### DIE PARTYLOSE VOLKSTAAT

**Die O.B. het die pad aangewys na 'n nuwe gesigseinder — die partylose volkstaat.**

Daar is sekere probleme wat geen party kan oplos nie. Dit moet as volksaak benader word en deur die krag van die hele volk opgelos word. So 'n probleem is bv. die kleurprobleem, soos die leier van die opposisie self getuig het in die parlement toe hy gevra het dat die Indiërvraagstuk nie as partysaak behandel moet word nie.

### NOODHULPFONDS

**Die O.B. het die goeie naam en eer van die nasionale Afrikanerdom gedurende hierdie oorlogsjare gered deur sy Noodhulpfonds.** Om en by £90,000 is deur die Beweging versamel en bestee vir die versorging van die vroue en kinders van die 1,000 republikeine wat die Empire in sy kampe en tronke opgesluit het. Was dit nie vir die O.B. nie sou die geskiedenis moes meld dat nasionale Suid-Afrika hierdie mense onversorg op straat laat staan het. Maar deur die optrede en offers van die O.B. kan die geskiedenis eervol getuig van die nasionale Afrikanerdom gedurende hierdie oorlogsjare.

Met die koms van die O.B het daar iets nuuts gekom in die volk, het die K.G. gesê. 'n Nuwe element wat dit waaragtig goed bedoel met die volk.

**Genl. Mark Smith het die K.G. bedank en die onwrikbare vertroue van sy generaalskap in die K.G. en sy leiding uitgespreek.**

Komdt. Van Niekerk het voorgesit.

# Woeker Met Duitse Slawe-Arbeid

**Engeland maak op groot skaal gebruik van Duitse slawearbeid. Nie minder as 160,000 krygsgevangenes verrig tans nog gedwonge arbeid, hoewel die end van die oorlog al meer as 'n jaar gelede aangekondig is. Hierdie arbeid is, na verklaar word, onontbeerlik vir die landboubedryf.**

Daar is 'n groeiende gevoel onder die Britse bevolking dat hierdie krygsgevangenes nou huistoe gestuur moet word en daar bestaan 'n aansienlike mate van ontevredenheid omdat die Duitsers nog in Engeland vertoef. Die Britse regering het egter amptelik aangekondig dat Engeland nog tegnies met Duitsland in die oorlog betrokke is en dat hy niks op die oomblik daaraan kan doen nie.

Wanneer die vredesverdrag finaal opgestel en onderteken is, sal daar weer oorweging aan die aandrang van die Engelse publiek gegee word.

Die Duitse werkers het onontbeerlik in Brittanje geword, skryf 'n korrespondent van The Cape Argus uit Londen. Daar is 160,000 Duitse krygsgevangenes, ongeveer een kwart van die Britse boerebevolking, op die landerye werksaam. Sonder hulle, so word verklaar, is dit nie vandag moontlik om die oes in te samel nie. Engelse boere is hoogs tevrede met die werk wat die Duitsers verrig en die manier waarop hulle hul gedra wanneer hulle nie op diens is nie. Die Duitsers verlang egter om na hul vaderland terug te keer.

**Die Duitsers word slegs een en 'n half pennie per uur betaal, maar die Engelse boere moet die Britse regering volle tarief betaal vir die voorreg om van die Duitsers gebruik te maak. Op hierdie manier verryk die regering hom met wins wat hy maak uit die slawearbeid van Duitse burgers.**

Die korrespondent skryf dat die Duitsers nie bewus is van die feit dat hul arbeid vir die voordeel van die Britse regering uitgebuit word nie.

# Gevangenes Keer Terug



**Onderwyl Engeland nog byna 200,000 Duitse „krygsgevangenes" as slawearbeiders aanhou, het Amerika nou alle Duitse gevangenes teruggestuur. Op die foto word gesien hoe die laaste groep aan boord gaan vir verskeping na hul vaderland. In Engeland is onlangs pamflette versprei met die woorde: „Christene, stuur jul slawe huistoe. Ons gesinne wag op ons!"**

## *Mynwerkers Se Eis Slaag*

**Op 'n volle sitting van die regbank is die eis van die mynwerkers dat die Kommissie van ondersoek ook verkiesings op die Oos-Rand sal hou, toegestaan. Die nuwe algemene Raad sal gevolglik saamgestel word met uitsluiting van die betaalde amptenare van die ou bewind.**

Daar heers verontwaardiging onder die geledere van die blanke mynwerkers aan die Rand oor die besluit van die kommissie van ondersoek na sake van die Suid-Afrikaanse Mynwerkersbond, naamlik dat die „ampsdraers en betaalde amptenare" van die ou bestuur weer sitting sal hê op die nuwe Algemene Raad van die Mynwerkersbond. Indien hierdie besluit deurgevoer word, sal dit beteken dat betaalde amptenare van die ou bestuur, saam met die nege of twaalf aanhangers van die Union for Mineworkers die meerderheid op die bestuur sal hê en dat die onlangse seëvierende oorwinning van die Verenigde Mynwerkerskomitee wat 21 lede verkies gekry het op die Algemene Raad, geen betekenis sal hê nie.

Om hierdie geskil te besleg het die Verenigde Mynwerkerskomitee 'n interdik by die Hoogsgeregshof aangevra om die stemgeregtigheid van die betaalde amptenare op die Algemene Raad ongeldig te verklaar en die Mynwerkersbond te verplig om die verkiesings wat hulle nie aan die nabye Oos-Rand en Wes-Rand wil laat plaasvind nie, te hou.

Gelukkig

**Ek is gelukkig om die dienste van mnr. Fred. Fobian, vroeër van Hepworths, as snyer in te win. Hy is vasberade om sy Nuwe Firma die MEKKA van GOEIE KLERE te maak.**

KOTZE

**Adderleystraat 134 KAAPSTAD**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 702, Kerkplein, Kaapstad.

## MAATSKAPPYVERGADERING:

# VOLKSKAS BEPERK

## Verslag van die Twaalfde Jaarlikse Algemene Ledevergadering

**By geleentheid van die Twaalfde Jaarlikse Algemene Ledevergadering van die Bank, gehou te Pretoria op Vrydag, 9 Augustus 1946, om 7.30 nm. het Dr. A. J. Stals, Voorsitter van die Direksie, die aanwesiges toegespreek en o.m. die volgende gesê:**

Dit is andermaal my voorreg om alle aanwesiges hartlik welkom te heet na ons twaalfde jaarvergadering. Met vermoedelik die grootste ledetal van enige publieke maatskappy in die Unie, versprei oor die hele Unie, is dit prakties onuitvoerbaar om 'n groot persentasie van lede aanwesig te hê. Nogtans moet dit nooit uit die oog verloor word nie dat die opkoms, en die aantal volmagte, 'n aanduiding is van die belangstelling van lede in hulle bank. Dit is vir die Raad van Direkteure veral 'n genoeë om u hier te sien, omdat, wat ons instelling betref, ons niks anders aan aandeelhouers te rapporteer het nie, behalwe groei en vooruitgang. Die gegewens moet ons tot dankbaarheid en vertroue stem.

Die afgelope jaar is vir ons van meer as verbygaande betekenis. 'n Paar gebeurtenisse verdien besondere melding:

(i) Vroeg in die boekjaar was ons kapitaal van £1-miljoen nie alleen volskrywe nie, maar aansienlik oorskrywe. In hierdie verband moet dit in aanmerking geneem word, dat ons die Bank van die klein belegger, in die eerste instansie, is. Vir die volksdeel van wie ons hoofsaaklik moes kapitaal betrek, is dit 'n prestasie wat selfs optimiste moes verbaas het. Hierdie gebeurtenis het ons status sodanig verhoog dat ons nou onder die groteres in die Bankwese mag getel word. Ons plaas onsself nie op die voetstuk van die ,,grotes'' nie, maar ons is werklik tot so 'n mate gesterk, dat ons nie besorgd hoef te wees nie oor die verskaffing van enige diens, op die terrein van die bankwese, waaraan daar in ons land behoefte mag wees, en wat die beginsels van veiligheid regverdig.

(ii) In die afgelope jaar was ons ontwikkeling so merkwaardig dat u Direksie verplig was, onlangs, om aandag te gee aan die verkryging van groter kapitaal, ten einde aan die vereistes van ons Bankwet te voldoen. Na afloop van hierdie vergadering sal sekere voorstelle, in verband met verhoging van kapitaal, aan u voorgelê word.

(iii) Dit was verder ook die eerste vredesjaar na afsluiting van vyandelikhede, en die mees verwoestende van alle oorloë. Gelukkig was ons as Bank nie betrokke by die verwoesting van enige bates of sekuriteite nie. Soos te verwagte was, en ook soos bespieël op ons laaste jaarvergadering, het die oorlogs-konjunktuur nog die hele jaar voortgeduur. Dit is trouens tans nog die geval, tensy ons sekere verskynsels op die ekonomiese gesigseinder moet vertolk as waarskuwings van 'n naderende verandering. Die mensdom moet nog wag op die lewering, in meer praktiese sin, van die oorlogsrekening, alhoewel sekere volkere reeds met die nasleep te worstel het. Sekere inherente implikasies van verhoogde, en daarby kunsmatige geldomloop moet verwag word, soos heraanpassing aan normale toestande, veral wat lewenspeil en arbeidsprobleme betref. Verlore bates moet vervang word, en bekostig word uit die nuwe verdienstes van die betrokke volke, sowel as die aflossing van kolossale lenings, met die meegaande verhoogde rentebetalings. Dit alles lê nog voor die deur. Vir ons as jong bankinstelling pas dit veral in hierdie tyd om terug te dink aan die ekonomiese ontwrigting na die wêreldoorlog van 1914—1918, en die verdwyning, as entiteit, van één van die belangrike bankinstellings in Suid-Afrika, as nasleep van die oorlogskonjunktuur. Dadelik wil ek sê dat daar vir ons bank geen gevaartekens sigbaar is nie! Ek kom later hierop neer!

(iv) Hoewel nie in die boekjaar nie, mag hier en daar tog gerieflik melding gemaak word van 'n belangrike ontwikkeling, naamlik, dat ons Bank deur die Staat toegelaat is as ,,gemagtigde handelaar in Vreemde Valuta''. Die gebrek hieraan was 'n ernstige leemte aan, en beperking op ons volledige funksionering as Handelsbank. Namate ons ondersteuners groter aandeel neem in die in- en uitvoerhandel, brei dit veel vir ons uit in die rigting van vreemde valutahandel. Aan ons vorige beperking maak die Staatskoerant van 7 Junie 1946 'n einde. Reeds vóór die tyd is 'n spesiale afdeling aan Hoofkantoor gestig en uitgebou, en toevertrou aan 'n ervare amptenaar in dié besondere diens. Hier mag trouens ook dadelik gemeld word dat ons Hoofbestuurder, met die hoof van die afdeling, besig is om voor te berei vir 'n sakebesoek aan die buiteland, om dergelike sake-verhoudings aan te knoop, en dit by wyse van ooreenkomste te bestendig. Dit is 'n belangrike mylpaal vir VOLKSKAS.

Vir ons Bank was die afgelope jaar een van onafgebroke voorspoed. Uitslae het beramings verrassend oortref. Nieteenstaande die feit dat ons slegs twee nuwe takke gestig het, was ons groei voortdurend. 'n Paar gegewens onder die volgende hoofde sal interessant en leersaam wees:

**DEPOSITO'S**

| 31/3/45 | 30/6/45 | 30/9/45 | 31/12/45 | 31/3/46 | 30/6/46 |
|---|---|---|---|---|---|
| £7,445,000 | £8,350,000 | £8,799,000 | £9,190,000 | £9,893,000 | £10,773,000 |

**VOORSKOTTE**

| 31/3/45 | 30/6/45 | 30/9/45 | 31/12/45 | 31/3/46 | 30/6/46 |
|---|---|---|---|---|---|
| £4,039,000 | £4,225,000 | £4,764,000 | £4,843,000 | £5,411,000 | £5,950,000 |

Die toename in deposito's is vir my ook bewys van groeiende vertroue in 'n tydperk van ruime geldomloop, en die gestadige toename in voorskotte, van versigtige beleggings.

Ons geouditeerde Balansstaat is selfverduidelikend. Ek gee 'n paar besonderhede aan van die batekant:

(a) **Plaaslike Geregistreerde Effekte:** Hierdie pos het in die afgelope boekjaar gestyg van £1,148,875 tot £2,068,167. Die verskil is aangekoop met die tweeledige doel om, eerstens, minder vrye fondse op hande te hê, en, tweedens, om tegelykertyd aan die normale vereistes van likwiditeit te voldoen.

(b) **Skatkisbiljette: £200,000.** Hierdie belegging wat van baie korte looptyd is, is aangekoop met dieselfde doel. Uit die eerste vyf poste kan u sien dat ons likwiede fondse tot verpligtinge aan die publiek ongeveer 42 pst. is.

(c) In verband met die pos **,,Banke en onverrekende waardes van ander banke''** mag ek opmerk dat daar sinds die beter aanpassing van bankure tussen die handelsbanke 'n groot verbetering ingetree het. Die bedrae wat uitstaande was onder hierdie hoof het aansienlik verminder. Voorheen was die bedrag oorgehou onder ,,onverrekende waardes'' gemiddeld oor die £100,000 terwyl dit nou om die £20,000 skommel. Deur hierdie toedrag is aansienlike risikos vir fondse uitgeskakel.

**Aan die Laste-kant van die Staat** sal u opmerk dat ons Algemene Reserwe verhoog is met ongeveer £6,000. Die aangegewe bedrag bevredig niemand nie. Dit moet voortdurend aandag geniet. In sover as die toekoms berekenbaar is mag ons aanneem dat dit volgende jaar beter sal staan. Vir die huidige bly dit egter 'n feit dat die aangetoonde ,,Algemene Reserwe'' maar 'n breukdeel is van ons reserwevoorsienings.

Die pos **,,Deposito's deur die Publiek''**, saamgevat onder ons vier hoofde van inleggings, dui aan betreklike stilstand onder die hoof Vaste Deposito's, maar **aanmerklike groei** onder die hoofde Lopende Rekeninge, Spaarrekeninge en Belegging-sertifikate. Die bedrag van aanwas word in die Direksieverslag aangegee. Teenoor ons Deposito's van £9,572,900 staan ons Voorskotte op £5,580,000 min voorsienings.

Die bestaan en sukses van ons Bank is so ingeweef in die ekonomiese lewe van Suid-Afrika dat dit gewens is om sover prakties voordelig ,,die hede'' helder raak te sien, en die toekoms in gesonde perspektief te beoordeel. Dit sou egter 'n waaghalsige profeet vereis om ,,die toekoms'' te skilder. Selfs die tekening van ,,die hede'' hang baie af van die subjektiewe beskouings van die tekenaar. Nogtans moet ek 'n paar opmerkings stel soos ek dit sien:

Op die huidige tydstip is daar nog geen duidelike tekens van enige daling in die konjunktuur nie. Die **hoeveelheid geld** beskikbaar is nog volop. In stede van vermindering gedurende die afgelope jaar het dit **toegeneem** sedert ons laaste verslag.

(a) In die afgelope jaar is daar blykbaar 'n aansienlike deel van die volksinkomste gespaar, soos weerspieël word uit die gegewens van die Handelsbanke en Bouverenigings. Hierdie bedrae kan in die lopende jaar ten goede kom in geval van daling van die konjunktuur.

(b) Weens wêreldtoestande is die aanvraag vir ons landsprodukte veel groter as die aanbod is, selfs in die binneland. Met kleiner uitsonderings is dit hoogs waarskynlik dat die toestand minstens nog dié jaar sal voortduur.

Die gevaar vir wolpryse weens opeenhoping in die oorlogsjare, is uit die weg geneem in die naaste toekoms as gevolg van die bestaande ooreenkoms tussen die groot wolprodusente, naamlik Australië, Nu Zeeland en Unie van Suid-Afrika.

(c) Ons nywerheidsontwikkeling duur nog voort. Daar het nog geen bedreiging ontstaan weens oorsese konkurrensie nie. Daar is ook tot nogtoe geen aansienlike ontwrigting aangekondig deur omskepping tot vredesproduksie nie.

(d) Die handels-aktiwiteit word alleen gestrem weens kontrole van distribusie, en die resterende prysbeheer. Voorrade skiet nog ver te kort aan aanvraag en verbruikersbehoeftes.

(e) Arbeidsaanvraag is so groot dat die beskikbare arbeid veral van geskoolde arbeid, nog onder kontrole staan. Gelukkig is ons land ook tot nogtoe vry van enige ernstige versteurings op die arbeidsmark.

(f) Die S.A. Reserwebank se posisie is so sterk dat dit in staat is om daadwerklik op te tree, in geval van 'n ernstige kering in die ekonomiese gety.

Hierteenoor staan egter 'n paar baie ernstige verskynsels:

(a) Ons betaalmiddel het ernstig in koopkrag gedaal soos blyk uit 'n hele aantal statistieke — lewenskoste-styging kan aangehaal word. Of ons dit inflasie van 'n sekere gehalte wil noem of nie; dit blyk dat in terme van goud ons betaalmiddel onder 50 pst. van sy 1932 waarde was. Ons besondere bekommernis is weens sy depresiasie sedert 1938. Daar is nog geen einde gekom aan sy daling in koopkrag nie ten spyte van 'n aantal maatreëls wat direk of indirek gehef is. Twee alternatiewe staan voor die deur. Albei kan slegs vermy word deur wyse en doelbewuste optrede.

(b) Genoemde gevaar word verhoog deur die ontwikkeling by 'n groot volksgedeelte van onverstandige spekulasie, in die grondmark en besonders op die aandelemark.

(c) Blykens gevolgtrekkinge, op grond van statistiese gegewens, het 'n aansienlike deel van ons kleinspaarders geval voor die versoeking van gou-ryk-word deur spekulasie. Hoewel dit nie vasgestel is nie, skyn dit nogtans of 'n aansienlike deel van hulle spaargelde reeds onverhaalbaar in ander hande is, dus vir hulle vir goed verlore.

Daar die huidige ekonomiese toestand van die land, die hede dus, oor die algemeen, geen grond vir bekommernis bied nie, moet ons terselfdertyd die **toekoms** probeer ontleed. Geen finansiële instelling sou verstandig handel om die nasionale huishouding as alleenstaande te benader nie. Met die ontwikkeling van verkeersgeleenthede word die aanbod al kleiner en kleiner.

(i) Ekonomiese skommelinge in een wêrelddeel stuur sy golwinge uit oor die hele beskaafde wêreld. Sedert die arbeidsmoeilikheid in die V.S.A. begin het voel alle handelsvolke dit in minder of meerder mate.

(ii) Die uitslag van die Internasionale Handelskonferensie waartoe die Unie uitgenooi is, en aan gaan deelneem, behels belangrike implikasies vir ons nasionale ekonomie.

(iii) Die verontrustende politieke toestand wat ontwikkel het sedert die beëindiging van vyandelikhede is ook swanger aan baie moeilikhede. Hierdie inwerkinge op ons ekonomiese lewe, moet steeds in gedagte gehou word, en daarom moet enige bespiegelinge oor die toekoms aan wisselings van internasionale verhoudings onderworpe wees.

Betrag ons die toekoms binnelands, dan val die volgende op te merk:

(i) Die uitwerking van die besteding op leningsrekening van tussen £50 en £60 miljoen moet sy voordelige uitwerking hê op **werkgeleentheid, geldomloop en koopkrag.**

(ii) Die verklaarde staatsbeleid van voortdurende magtige beskerming, wat ook al van buite dreig, moet ons nywerheidsontwikkeling aanmoedig. Daar is dan ook aankondigings van groter ontwikkeling op die volgende terreine, byvoorbeeld: Die **woltekstiel bedryf**, verskillende ondernemings; 'n groot **katoenfabriek**; die verwagte toename in die **boubedryf**; uitbreidings in **motorsamestelling-fabrieke**; 'n Unie **buite-** en binneband-fabriek en uitrustings; ontwikkeling in die **looi-** en leerbedryf; ontwikkeling op die terrein van die **ingenieurswese.** Dit alles moet bydra tot stabilisering van ons interne huishouding, en stem tot optimisme en vertroue wat die onmiddellike toekoms betref. Die enige wanklank is die agteruitgang van die groente ontwateringsbedryf wat nog betreklik gering is.

(iii) Op die gebied van goud-mynwese bied die boor-resultate in die Vrystaat goeie grond vir die verwagting van aanmerklike uitbreiding van die goudmynbedryf. Daar moet egter gewaarsku word teen die oor-optimisme van beleggers. Die beleggings **in goudmyne in** langtermyn, en vir jare sal die beleggings nie renderend wees nie, behalwe moontlik op die spekulasiemark, waar **verliese** net so moontlik is as **profyte.**

(iv) Vir steenkool-ontginning is daar in die nabye toekoms gunstige vooruitsigte onder huidige omstandighede. Daar is 'n steenkoolhonger oor die groter deel van die wêreld. Onlangs is Suid-Afrika onder die drie groot leweransiers getel. Ons deelname kan net belemmer word deur gebrek aan see-transport, en die magtige kontrole van buite.

(v) Wat Handel en Distribusie betref is die vooruitsigte rooskleurig. Die koopkrag is daar — wat ontbreek is vermeerderde produksie en aanbod.

(vi) Ons surplus kredietvoorraad kan ver gaan om skielike veranderings uit te stryk.

Nieteenstaande die redelik gunstige vooruitsigte moet daar tog 'n woord van waarskuwing teen oor-optimisme gerig word.

(i) Ek het reeds verwys na die **uitvloeisels van moontlike internasionale verwikkelings.**

(ii) **Oorspekulasie** kan nie sonder terugslae voortduur nie. Koopkrag van talle verbruikers gaan daardeur verlore. Die terugslae tref eerste die klein beleggers, dikwels tot voordeel van die meer geskoolde beursspekulante Ons klein spaarders kan nie ernstig genoeg gewaarsku word nie teen die dwaasheid van hulle swaar-verdiende spaargeld van spaarinstellings te onttrek, en te gaan waag op beleggingsterreine, wat skitterend voorgestel word deur belanghebbendes, en die mag van advertensie, maar waarvan hy geen die geringste kennis dra nie. Uit die ontledinge van finansiële statistieke wil dit blyk dat miljoene ponde hande gewissel het in die laaste ses maande, waarskynlik in aandele-spekulasie. Die huidige skommeling op die Johannesburg Beurs kan tydelik wees, maar dit kan ook, vir duisende, fatale vorms aanneem.

(iii) Weens die gedurige styging in die lewenskoste, toename in weelde by seker volkslae, sou dit verbasend wees as Suid-Afrika bewaar bly van arbeidsteuringe. Dit moet nie buite rekening gelaat word nie.

Onbeteuelde spekulasie moet sy nasleep hê, naamlik verliese vir duisende, en vir 'n groot deel van hulle ekonomiese ineenstorting. Sy die terugslag ook al beperk, dan nog gaan die uitvloeisel die hele gemeenskap affekteer. In geval die ekonomiese kortsigtigheid van internasionale staatkunde die wêreld andermaal in 'n ramp dompel, dan is dit ook nie van Suid-Afrika af te weer nie.

By die slotparagraaf van die Direksieverslag wil ek ook graag my dank uitspreek aan die hele personeel, van die Hoofbestuurder tot die jongste bode. Elk dra sy of haar deel by tot die sierlike volksinstelling met die opbou waarvan ons bevoorreg is. In die besonder wil ek ,,voorspoedige reis, vrugbare werk, en veilige terugkoms'' toeroep aan ons Hoofbestuurder, en die Hoof van die ,,Vreemde Valuta'' afdeling, op die vooraand van hul buitelandse reis. Neem met U saam die innige wense en die boodskap van almal hier wat 'n beter toekoms verwag, naamlik ,,Laat daar Vrede en Vriendskap in die wêreld wees.''

Hiermee lê ek aan u voor direksieverslag, ouditeursrapport en finansiële state.

### VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE OOR DIE BOEKJAAR GE-EINDIG 31 MAART 1946.

Aan die lede,

By die voorlegging aan u van die finansiële state en ouditeursrapport soos op 31 Maart 1946, is dit vir u direksie aangenaam om hiermee verslag te doen oor die elfde boekjaar wat op gemelde datum afgesluit is.

Andermaal kan ons 'n allesins bevredigende en gesonde groei in u Bank se sake rapporteer. Die aansienlike omvang wat dit reeds aangeneem het, soos ook uit die meegaande state en bedryfsresultaat blyk, is besonder bemoedigend en op sigself 'n goeie bewys van die groot en steeds toenemende behoefte wat daar bestaan aan die dienste wat gelewer word. In hierdie verband wil ons veral noem:

**Deposito's deur die publiek** wat met meer as £2,100,000 gestyg het;

**Voorskotte aan die publiek** wat met meer as £1,500,000 gestyg het, en die **Ingeskrewe Kapitaal,** wat vanaf 'n bedrag van £846,290 aan die einde van die vorige boekjaar, reeds die £1,000,000 merk (bedrag van huidige gemagtigde kapitaal) op 7 Augustus 1945 bereik het. Die gestorte kapitaal het oor dieselfde periode gestyg met die mooi bedrag van £213,857 en bedra tans £786,488.

Anders as in die voorafgaande ses boekjare van die Bank, toe gemiddeld ses nuwe takke per jaar geopen is, is hierdie aansienlike toename in bedryfsomvang aangeteken ten spyte van die feit dat slegs twee nuwe takke in die periode onder beskouing, geopen is. U direksie stel homself nog ten doel om die Bank se takstelsel aansienlik uit te brei en ontvang nog voortdurend dringende vertoë om nuwe takke, maar in die nog heersende moeilike tye kan uitbreiding in hierdie rigting slegs heel geleidelik geskied. Momenteel is daar wel 'n paar takke in voorbereiding, maar aan die ander senra wat ook reeds lank op takke wag, word die vriendelike versoek gerig om ook nog verder geduldig te wees.

Soos in vorige jare is die poste in meegaande finansiële state grootliks selfverklarend en vereis dit geen spesiale kommentaar nie, met uitsondering van die bate-pos:

**Banke en Onverrekende Waardes van ander Banke—**

£657,546:8:9 : Hierdie aansienlike bedrag verteenwoordig grotendeels remisestukke, op ander bankinstellings getrek, wat op 30 Maart 1946 in transito was.

**Kapitaal:** Soos hierbo gemeld, is die gemagtigde kapitaal, £1,000,000, reeds in die eerste helfte van die boekjaar volskryf. Sedertdien is daar derhalwe geen nuwe aandele uitgereik nie. Die

(Vervolg op bls. 3, kol. 5)

### INKOMSTE- EN UITGAWEREKENING VIR DIE JAAR GEëINDIG OP 31 MAART 1946.

**UITGAWES.**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Administrasiekoste, Afskrywings en Voorsienings | £305,089 | 16 | 10 |
| Waardevermindering | 3,616 | 4 | 11 |
| Bydrae Stafvoorsorgfonds | 10,025 | 11 | 1 |
| Vergoeding aan Direkteure | 2,533 | 6 | 8 |
| Spesiale vergoeding Direkteure | 1,780 | 0 | 0 |
| Voorsiening vir Inkomste Belasting | 21,951 | 0 | 0 |
| Saldo Oorgedra na Winsverdelingsrekening | 39,855 | 8 | 5 |
| | £384,851 | 7 | 11 |

**INKOMSTE.**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Inkomste uit Rente, Diskonto, Boekgeld, Kommissie, Eksploitasie van Geboue, ens., na aftrek van Rente Betaal op Spaarrekeninge, Vaste Deposito's en Beleggingsertifikate | £384,851 | 7 | 11 |
| | £384,851 | 7 | 11 |

**WINSVERDELINGSREKENING.**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Betaling 5 pst. Diwidend op Gestorte Kapitaal vir 9 maande geëindig 31 Maart 1945 | £16,686 | 18 | 7 |
| Voorsiening vir 5 pst. Diwidend op Gestorte Kapitaal vir die jaar geëindig 31 Maart 1946 | 35,100 | 0 | 0 |
| Voorgestelde Toevoeging tot Algemene Reserwefonds | 5,354 | 1 | 2 |
| Saldo Oorgedra na Balansstaat | 764 | 4 | 3 |
| | £57,905 | 4 | 0 |

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Saldo Inkomste- en Uitgawerekening op 31 Maart 1945 | £18,049 | 15 | 7 |
| Saldo oorgedra van Inkomste- en Uitgawerekening vir die jaar geëindig 31 Maart 1946 | 39,855 | 8 | 5 |
| | £57,905 | 4 | 0 |

Ons rapporteer dat volgens ons beste wete en oortuiging en volgens inligting aan ons verstrek die bogemelde rekening 'n juiste opgawe aantoon van die Inkomste en Uitgawe vir die tydperk 1 April 1945 tot 31 Maart 1946.

TAYLOR EN GEERLING,
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)
PRICE, WATERHOUSE, PEAT EN KIE.,
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)

Pretoria, 22 Junie 1946.

### BALANSSTAAT SOOS OP 31 MAART 1946.

**BATE**

| | | Totaal |
|---|---|---|
| Kontant voor Hande | £207,938 10 0 | |
| S.A. Reserwebank | 1,530,780 1 0 | |
| Plaaslik Gereg. Effekte | 2,068,166 15 0 | |
| Skatkisbiljette | 198,609 10 0 | |
| Vaste Deposito Bouver. | 24,160 5 5 | |
| | | £4,029,655 1 5 |
| S.A. Reserwebank-effekte | | 14,338 2 6 |
| Banke en Onverrekende Waardes van ander banke | | 657,546 8 9 |
| Verdiskonteerde Wissels | | 175,795 1 1 |
| Voorskotte min Voorsienings | | 5,580,181 8 1 |
| Kliënte se verpligtings onder Garansies | 527,109 19 5 | |
| Min Kontantstortings | 244,083 2 0 | |
| | | 283,026 17 5 |
| Bankgeboue teen Kosprys | | 351,712 2 3 |
| Kantooruitrusting min Waardevermindering | | 49,706 12 7 |
| Stafgetrouheidswaarborgfonds-Beleggingsrekening | | 7,943 0 0 |
| Ander Bate | | 6,023 18 6 |
| | | £11,115,929 12 7 |

**LASTE**

Nominale en Ingeskrewe Kapitaal:
1,000,000 aandele van £1 elk; £1,000,000

| | | Totaal |
|---|---|---|
| Kapitaal: Gestort | | £786,488 13 10 |
| Algemene Reserwe | | 15,000 0 0 |
| Inkomste- en Uitgawe-Verdelingsrekening | | 764 4 3 |
| Deposito's deur die Publiek: | | |
| Vaste Deposito's | £1,461,149 10 8 | |
| Beleggingsertifikate | 1,052,161 11 10 | |
| Spaarrekeninge | 1,766,971 16 11 | |
| Lopende Rekeninge | 5,292,654 9 5 | |
| | | 9,572,937 8 10 |
| Wissels uitgereik teen Takke en Agente | | 172,453 15 9 |
| Verpligtings onder Garansies | | 527,109 19 5 |
| Voorsiening vir Diwidend | | 35,100 0 0 |
| Stafgetrouheidswaarborgfonds | | 8,370 11 6 |
| Ander Laste | | 37,704 19 0 |
| (Voorwaardelike aanspreeklikheid ten opsigte van die aankoop en aanbou van persele £14,644) | | |
| | | £11,155,929 12 7 |

A. HERTZOG. A. J. BOSMAN. W. BüHRMANN.

Aan die Aandeelhouers,
Van VOLKSKAS BEPERK.

Kragtens artikel 40 van die Bankwet 1942 rapporteer ons dat:—

(1) Ons die boeke, rekenings en die bewysstukke deur ons nodig geag op die Hoofkantoor, asook vier van die takke van u Bank tesame met die opgawes van die ander takke nagegaan het en die sekuriteite ondersoek het of oortuig is van die bestaan daarvan.

(2) Behoorlike boeke en rekenings gehou is.

(3) Ons al die inligtings en verduidelikings verlang, verkry het.

(4) Na ons mening die bostaande Balansstaat na behore so opgestel is dat dit 'n getroue en juiste weergawe toon van die toestand van die Bank se sake na ons beste wete en die verduidelikings aan ons gegee, en soos aangetoon deur die boeke van die Bank op die 31ste Maart 1946.

(5) Soos blyk uit ons ondersoek, volgens ons beste kennis en wete die effekte en alle stukke van die Bank behoorlik en veilig bewaar word, en

(6) Die beheer van die Bank oor sy takke voldoende is, en die instruksies aan die amptenare in die takke van die Bank behoorlik uitgevoer is.

(Get.) TAYLOR EN GEERLING,
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)
(Get.) PRICE, WATERHOUSE, PEAT EN KIE.,
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)

PRETORIA, 22 Junie 1946.

# Hulp Vir Duitsers Bereik Bestemming

**Die Deutsch-Afrikanische Hülfausschuss, die enigste van staatsweë erkende liggaam wat hom beywer vir noodleniging in Duitsland, het so pas berig van die Internasionale Rooikruis en die Kwakers in Londen ontvang dat die klerasie wat uit Suid-Afrika gestuur is, en die voedsel aangekoop met die gestuurde geld hul bestemming in Duitsland veilig bereik het en aan persone wat dit die nodigste het, uitgedeel is.**

Hierdie feite is bekendgemaak deur mnr. E. C. Schweicherdt, vise-voorsitter van die Duits-Afrikaanse Vereniging wat die Kaaplandse Komitee vir Noodleniging en ander belangstellende verlede week in Kaapstad aan huis van mev. dr. J. S. du Toit toegespreek het.

Die meeste van die goedere wat deur die Kwakers in Londen gehanteer is, is aan burgerlike persone uitgedeel, terwyl klein hoeveelhede aan verplaasde persone in die kampe uitgedeel is. Met die hulp van die Rooikruis is goedere direk van Engeland na Duitsland verskeep. Daar het baie min skade by die besendings gekom. Ander hoeveelhede is met 'n omweg deur Swede gestuur. Hierdie besendings neem langer om hul bestemming te bereik en is ook veel duurder.

**SONDER ONDERSKEID**

By die uitdeel van die goedere word geen onderskeid tussen persone weens politieke, godsdienstige of klasseverskil gemaak nie.

Van die Rooikruis is berig ontvang dat groot hoeveelhede suiker, gekondenseerde melk, mout, mediese voorrade, ens. met die geld wat aangestuur is, gekoop is. Dit is uitgedeel aan vrouens en kinders in Duitsland.

Na lang onderhandelings het die Rooikruis daarin geslaag om die Russe en die Amerikaners te oorreed om goedere wat vir noodleniging bedoel is, binne hul besettingsgebiede toe te laat. Die verspreiding vind plaas met behulp van Duitse sentrale komitees in medewerking met die regering en ander plaaslike liggame in Duitsland.

Hulp is ook verleen aan Duitse krygsgevangenes in Noord-Afrika en Palestina.

**KLERE-NOOD**

**Die dringendste behoefte van die Duitsers is tans nie alleen voedsel nie, maar klere. Daar word groot hoeveelhede benodig. 'n Dame wat pas vier maande gelede uit Duitsland teruggekeer het, het verklaar dat die Russe alle klere, beddegoed, ens. wat hulle in die hande kon** kry van die Duitsers afgeneem het. Indien daar nie groot hoeveelhede klere Duitsland voor die winter bereik nie, sal baie van koue omkom. Klere en skoene wat gestuur word, hoef nie nuut te wees nie. Daar word versoek dat almal wat ou klere het om af te staan, dit aan die betrokke komitees stuur. Die adres van die Kaaplandse komitee vir Noodleniging is: mev. B. Steytler, Albertweg 20, Tamboerskloof, Kaapstad.

Daar sal binnekort samesprekings gevoer word vir nouer samewerking tussen die Kaaplandse Komitee en die Duits-Afrikaanse komitee sodat hulle saamwerk soos reeds in Transvaal die geval is. Mnr. Schweichert het spesiaal vir die doel van Pretoria na Kaapstad gekom.

Die Kwakers en die Rooikruis is tans besig om die mense in Kanada en ander wêrelddele aan te spoor om daadwerklik by te dra om die nood in Duitsland en Europa te lenig. Dit het reeds goeie vrugte afgewerp. Suid-Afrika staan vandag egter nog aan die spits van noodleniging in Duitsland.

## VLUG UIT POSDIENS

Die aantal bedankings uit die posdiens het onrusbarend toegeneem gedurende die afgelope jaar, na in die jaarverslag van die algemene sekretaris van die Suid-Afrikaanse Pos- en telegraafvereniging verklaar word. Bedankings op plattelandse dorpe het voorgekom na aanleiding van verplasings na die stede waar die lewenskoste baie hoër is as op die platteland. Die betaling in sekere vertakkings van die diens is ook onaantreklik en betrekkings buite die posdiens kom aantrekliker voor as werk in die posterye.

Met die oog op die duurder lewenskoste aan die Rand het die vereniging besluit om die Staatsdienskommissie te nader vir spesiale toelae aan amptenare in hierdie gebied.

REUSE VOLKSPELE-KURSUS
te
ADELAIDE (K.P.)
onder leiding van
Mev. De Ridder en Stephen Eyssen
vanaf 30 September tot 4 Oktober.

Besonderhede van:
G. KOORTS, HOSTEL, ADELAIDE (K.P.)

5229-3

Ossewabrandwag-Funksie

Alle Afrikaners is hartlik welkom op die 28ste Augustus om 2-uur n.m., op die Tentoonstellingsgronde te HEILBRON.

Gen. Vorster van Brakpan sal optree as spreker.

Kom en geniet saam egte Boeregees en egte Boerekos.

Namens Kommando's C7d2, C7d8.

5251

# S.A. „Herskep" Tot 'n Ashoop

## Smuts Se Dreigement

**Op die vooraand van grootskaalse deportasie van Duitse Unie-burgers uit Suid-Afrika en onderwyl die sirkelkonferensie van die Verenigde Party in Pretoria daarop aandring dat alle Duitsers wat gedurende die oorlog geïnterneer was, of hulle nou skuldig was of nie, sonder uitsondering gedeporteer moet word, het die regering by monde van genl. Smuts omvattende planne vir immigrasie uit die buiteland na Suid-Afrika aangekondig.**

„Immigrasie is die wekroep. Laat ons ons deure weereens oopmaak. Ons wil 'n toevloei van blankes na Suid-Afrika hê wat die land sal herskep. Laat ons nie bang wees nie. Ons gaan ons masjinerie sowel hier as oorsee hervorm ten einde 'n organisasie vir die uitsoek van immigrante in te stel", het genl. Smuts o.a. verklaar, en daaraan bygevoeg dat dit „'n Godgegewe kans" is.

Hy het verklaar dat daar miljoene persone in Europa is wat na Suid-Afrika wil kom om hulle hier te vestig. Ons moet van hulle neem so gou as ons kan, voordat dit te laat is.

**JODE?**

Dit is bekend dat die Jode tans op groot skaal uit Europa vlug. Tel genl. Smuts hulle ook onder die „miljoene"? Die voorkeur aan 400 Joodse kinders wat die eerste van die weeskinders uit Europa sal wees om aan land te kom, is 'n sombere voorafskaduwing van die nuwe immigrasieplanne.

'n Voorbeeld van die tipe persoon wat in die jongste jare na die Unie stroom, word verkry uit die gegewens van die Departement van Binnelandse Sake. **Daaruit blyk dat die merendeel immigrante van die afgelope 6 maande Joodse „handelaars" is, afkomstig uit Pole, Litaue en Letland. Onder hulle is die smouse in tweedehandse ware wat deur die voorsitter van die Kaapstadse Kamer van Koophandel aangewys is as die organiseerders van die winkelbrake in die jongste tyd.**

As in aanmerking geneem word dat daar vir 'n lang tyd geen vooruitsig bestaan op uitbreiding van ons nywerhede nie, weens die algemene tekorte, veral aan boumateriaal, is dit begryplik dat 'n oopgooi van ons deure net die grotere intog sal beteken van hierdie klas gewetenlose immigrant wat bereid is om sy buurman se winkel as sy groothandelaarsdépôt te beskou ten einde 'n bestaan te maak. En hierdie soort ding sal toeneem namate genl. Smuts se „toevloei" aanswel.

**BEHUISING**

Die behuisingskrisis en voedseltekort bied verder geen moontlikhede vir grootskaalse immigrasie nie, en enige onoordeelkundige invoer van mensemateriaal gaan nie net die krisis vererger nie, maar nuwe wanpraktyke skep waarin hier die Oos-Europese uitwerpsels geskoold is.

**Met hierdie feite voor oë sal 'n grootskaalse immigrasie in die eersvolgende paar jaar Suid-Afrika inderdaad „herskep" tot 'n ashoop.**

## Jode Teer Op Unrra-Fonds

**Dat besonder groot voorrade van Unrra aan Joodse vlugtelinge bestee word, het aan die lig gekom deur 'n verklaring van die direkteur-generaal van Unrra, La Guardia. Hy het verklaar dat die tussen 1,200 en 1,500 Jode wat daagliks uit Pole Duitsland binnestroom, gereelde hulp van Unrra ontvang. Alle persone, en in hierdie geval is dit Jode, wat uit een land na 'n ander vlug kan aanspraak maak op hulp van Unrra, het hy verklaar.**

Volgens 'n konserwatiewe skatting sal daar binnekort tussen 60,000 en 70,000 Jode uit Pole vlug. Aan al hierdie Jode sal hulp verleen moet word. Amptenare van Unrra het onlangs verklaar dat die hulpbronne van Unrra byna uitgeput is. Die laaste bietjie beskikbare hulp word nou aan die Jode bestee.

## Blankes Bly Agter

**Die voorlopige sensusopgawe van die Unie toon 'n geweldige agterstand van die blanke bevolkingsaanwas teenoor die van die nie-blankes. Dit bring aan die lig dat die blanke bevolking slegs 20 persent van die land se hele bevolking uitmaak.**

Die blanke bevolking tel tans 2,335,460 en toon 'n vermeerdering van slegs 16.55 persent. Die naturelle-bevolking maak 'n totaal uit van 7,735,809, wat 'n vermeerdering van 17.27 persent is sedert die laaste sensus. **Die Asiate toon die grootste aanwas van alle volksgroepe. Hulle het met 28.61 vermeerder, en maak die totaal van 282,539 uit.** Die ander gemengde volksgroepe, kleurlinge ingesluit, toon 'n syfer van 905,050 — 'n persentasie-vermeerdering van 17.59.

Die totale bevolking van die Unie is 11,258,858.

## Feesviering Te Paardekraal

Die Paardekraal-feeskommissie roep die Boerevolk op na die staatsfees op 14, 15 en 16 Desember, 1946 om, soos die voorgeslag, weer van oor die lengte en breedte van Suid-Afrika op te trek na die plek van Gelofte.

Die feeskommissie nooi vriendelik uit alle Volksvaders en -moeders van 1880 en 1881, alle Oudstryders, alle oud-Artilleriste van Transvaal en Vrystaat, oud-verpleegsters mitsgaders die Jonggeslag.

Tree vroegtydig in verbinding om tente of huisvesting te bespreek, met die Voorsitter, Paardekraalfeeskommissie, Blommesteinstraat 69, Krugersdorp.

## Adjudante Vertrek

Die Vroue-kommando van Fauresmith het Vrydag, 2 Aug., afskeid geneem van hulle ywerige adjudante, Mev. M. Barnard, daar sy nou na Lindley vertrek. Haar weggaan is waarlik 'n verlies vir ons. Ons het 'n gesellige uurtjie die middag saam deurgebring by die huis van mej. Wernich, waar ons op tee en koek onthaal is.—(Ingestuur).

## PUIK VIERING OP KUILSRIVIER

**By geleentheid van 'n puik en geesdriftige viering van O.B.-dag op Kuilsrivier op 17 Augustus is die mooi bedrag van £120 ingesamel.**

Die geesdrif het hoog geloop. Vir 'n boesel saadartappels is £17 betaal; vir 'n geslagte hoender £2; vir vyftien kalkoeneiers £3.

**Hoofkomdt. N. G. S. van der Walt, redakteur van Die O.B., het in 'n besielende rede die magteloosheid van die partyestaat teenoor die krag van die partylose staat gestel.**

Nuwe lede het aangesluit en intekenare vir die blad is gewerf. Die verrigtinge het plaasgevind onder leiding van komdt. Fred Brink en komdte. mev. Periera. Genl. G. Rerief was ook teenwoordig.

## NUWE KOMMANDO PRESTEER

Donderdag, 8 Augustus, het die jong Strandveldse kommando (A4c5) wat nou vir die eerste keer die dag kon vier, 'n geslaagde O.B.-dag gehou in die vorm van 'n basaar.

Die verrigtinge het op Gansbaai plaasgevind onder leiding van komdt. E. D. van Dyk en komdte. E. C. Franken.

Die opkoms was baie goed, en mooi handwerk en lekkernye is te koop aangebied. Daar was uitstekende samewerking en die mooi bedrag van £34 is ingesamel.

Komdt. E. D. van Dyk wil almal wat gehelp het om die verrigtinge 'n sukses te maak, baie hartlik bedank.

**TIEN JAAR TRONKSTRAF:** Nadat hy aangekla was van moord en deur die jurie skuldig bevind is aan manslag, is 'n blanke, Johannes van der Merwe, verlede week tot tien jaar tronkstraf gevonnis. Die aanklag spruit voort uit die dood van 'n Kaapstadse bioskoopeienaar, Michelsohn, wat op die aand van 6 Mei dood in sy kantoor aangetref is.

(Vervolg van bls. 2)

normale en steeds duidelik aanwesige groei en uitbreiding in bedryfsomvang van die Bank vereis egter verdere kapitaal. U direksie het derhalwe tans besluit om die kapitaal van die Bank met 'n verdere kwartmiljoen pond op te skuif en u sal eersdaags gevra word om formele mágtiging vir die be-oogde kapitaalvermeerdering. Dit word vertrou dat hierdie verdere kapitaaluitgifte allerweë byval sal vind.

**Winsverdeling:** Nadat administrasie- en ander kostes vereffen is, en afskrywings en voorsienings gemaak is, is daar 'n surplus van £39,855, plus die saldo van £1,362:17:- oorgedra van die vorige boekjaar, waaroor beskik moet word. U direksie het genoeë om aan te beveel dat 'n diwidend van 5 pst. op gestorte kapitaal uitgekeer word waarvoor 'n bedrag van £35,100 opsy gesit is. Verder word 'n toevoeging van £5,354:1:2, tot die algemene reserwefonds voorgestel sodat 'n bedrag van £764:4:3, na die lopende boekjaar oorgedra word.

**Direksie:** Gedurende die tydperk onder oorsig het daar geen veranderinge in die samestelling van die direksie voorgekom nie. By die vorige algemene jaarvergadering het drie direkteure, naamlik mnre. A. J. Bosman, W. Buhrmann en prof. dr. J. P. van der Merwe ooreenkomstig Statutebepaling afgetree en is hulle herkies. By die eerskomende jaarvergadering sal dr. A. Hertzog (Onder-Voorsitter), mnr. C. C. Kriel en dr. A. J. Stals (Voorsitter) kragtens die Statute aftree en sal u gevra word om drie direkteure in hulle plekke te kies. Aftredende direkteure is herkiesbaar.

**Ouditeure:** Op die elfde algemene ledevergadering is tot ouditeure benoem die firmas Taylor en Geerling, en Price, Waterhouse, Peat en Kie. U sal gevra word om op die aanstaande jaarvergadering vergoeding aan die ouditeure vir bewese dienste vas te stel en ouditeure vir die lopende boekjaar te benoem.

**Waardering:** Langs hierdie weg wil u direksie ten slotte sy opregte waardering betuig aan die lede en ander ondersteuners van die Bank vir hulle waardevolle medewerking aan die opbouing van u Bank, en verder aan ons ouditeure, Hoofbestuurder en personeel wat steeds hulle beste dienste lewer en hulle pligte getrou uitvoer onder dikwels moeilike omstandighede.

Dienswillig die uwe,
Namens die Raad van Direkteure,
(Get.) A. J. BOSMAN.
„ W. BUHRMANN.
„ A. HERTZOG.

Pretoria.
12 Julie 1946.

DIE O.B., WOENSDAG, 21 AUGUSTUS 1946.

# So Help Ons Hulle Tot Samewerking

Die Ossewabrandwag beweeg nou in volle krag — getuie die verrassend goeie opbrengste van sy eerste jaarlikse funksies ter stywing van sy organisasiefonds. Die Paarl by voorbeeld het £1,200 opgebring **wat £200 meer is as wat hy verlede jaar ingesamel het!**

Die verblydendste teken is egter nie die geldelike bydrae as sodanig nie; **dit is die ryke ondersteuning wat die Ossewabrandwag hierdie keer van mede-Afrikaners buite sy geledere ontvang het** — iets wat in die verlede tot 'n groot mate ontbreek het. **Dit openbaar 'n nuwe gesindheid by ons volk wat in ooreenstemming is met die eenheidsbeleid van die Ossewabrandwag.**

Dit het trouens in die jongste tyd al duideliker geword dat daar 'n gees van broederlikheid by 'n groot deel van ons volk posgevat het. Die volk is moeg van die partypolitieke getwis in 'n uur van uiterste nood. **Daar is die kommunistiese kolonnes wat aangerol kom. Die eerste botsing vind al plaas in ons groot stede waar tienduisende naturelle onder kommunistiese leiding gedril word by wyse van reuse-stakings.** Dit hang saam met die algemene vraagstuk van die voortbestaan van die blanke beskawing in ons sonnige land. Ons hoor al die gedreun oor die bult van Asiate en Russe wat steun verleen aan ongehoorsame Indiërs in verset teen die blanke heerskappy. **Dit is dinge wat alle blankes raak, en baie diep raak omdat dit gaan om hul fisiese voortbestaan in hul vaderland. In die aangesig van sulke bedreigings klink die politieke geskarrel oor gemeenplasige „programmetjies" hees en sieklik.**

## STEEDS WYER

Geen wonder dan dat daar 'n steeds wyer geroep opgaan om bymekaar te staan en 'n geslote front teen die gevare van die dag te vorm nie. In die geledere van die Verenigde Party is daar 'n gevoel van diepe besorgdheid by duisende goeie Afrikaners. Hulle sal graag wil help, maar die geleentheid om te help, word hulle nie deur die partypolitiek gebied nie, waar hulle enersyds aan die halter van partydissipline staan en andersyds deur die bottelskerwe van „verraad" weerhou word om „oor te loop" na die teenparty. **Want in die partypolitiek staan die onverbiddelike eis van kapitulasie aan elke teenstander. Jy moet eers alles afsweer en verloën waarvoor jy jarelank gestaan het voordat jy met „oop arms" ontvang word as 'n „bekeerling". Min mense het die morele moed om dit doen.**

Daarom kom die Ossewabrandwag as Volksbeweging nou en pleit vir die skepping van 'n volksfront **wat geen eise van lidmaatskap of verloëning van oortuiging aan Afrikaners stel nie,** maar 'n front wat in sy gemeenskaplike optrede medewerking aan elke Afrikaner bied wat wil help teen dreigende gevare.

Binne die gelede van die H.N.P. is daar duisende gewone lede en selfs parlementslede wat smag na samewerking met ander nasionale organisasies. Hierdie stroom word al sterker en ons is oortuig dat die H.N.P.-leiding nie meer lank sal kan weerstand bied teen hierdie begeerte van sy lede nie. **Samewerking op daardie punte waar die blanke beskawing en die voortbestaan van die Afrikanerdom bedreig word, is nie meer net 'n saak van die moontlike nie, maar van die waarskynlike.** En as die regeringspers aankondig dat die regering nou al rekening hou met 'n gesamentlike front by die volgende verkiesing, getuig dit slegs van nugterheid.

## HELP HULLE

Daarom is die die taak van elke O.B.-lid om deur kragdadige optrede die gedagte van samewerking en volkseenheid tot steeds wyer kringe uit te stoot. **En deur ons organisasie sterk te maak, soos die eerste O.B.-daginsamelings getuig, help ons daardie lede in ander partye wat worstel om hul leiers tot samewerking te dwing. Die bestaan van 'n lewenskragtige Volksbeweging wat samewerking en volkseenheid voorop stel, is die grootste krag agter die druk wat hulle uitoefen.** Want die enigste antwoord van onwillige leiers kan maar net wees dat die hulp van die Ossewabrandwag nie tel nie.

**Die Paarl, die Skiereiland en ander kleiner plekkies wat bo verwagting gepresteer het met 8 Augustus, gee die antwoord aan ons mede-Afrikaners in ander partye: Die Ossewabrandwag bestaan en hy is 'n krag wat gebruik moet word vir die volk in die aanslag wat kom.**

Laat ons voortgaan om ons mede-Afrikaners in ander partye steun te verleen in hul stryd om eenheid!

# Portugese Stelsel vir S.A. As Voorbeeld Gehou

In 'n artikel waarin hy die Portugese staatstelsel — wat in baie opsigte 'n ooreenkoms vertoon met dié wat die O.B. beoog — as voorbeeld vir Suid-Afrika voorhou, skryf die Katolieke blad Southern Cross met groot waardering van die staatsvorm wat dr. Salazar in Portugal opgebou het as teenvoeter vir die partypolitiek.

Die blad verwys na verskillende bande wat ons met Portugal verbind, en verklaar dan:

Daar is 'n verdere rede waarom Suid-Afrika sy oë na die klein volkie aan die Atlantiese Oseaan moet draai. **Dit is die ekonomiese omwenteling wat daar aan die gang is. Die geskiedenis van daardie omwenteling bied aan ons 'n voorbeeld van sosiale heropbou.** Die blad verwys dan na die „sedelike en fisiese bankrotskap" waarop Portugal onder die partystelsel afgestuur het, toe daar in die sestien jaar voor 1926 nie minder as 43 bewindsveranderings was. Uit hierdie warboel het dr. Salazar, 'n professor in ekonomie, weer koers gebring nadat die bewind deur pres. Carmona aan hom opgedra is.

**„Salazar het 'n gesagstaat opgerig wat 'n diktatuur genoem word, maar dit verskil totaal van die diktatuur van die kommunisme of sy teenhanger die nasionaal-sosialisme of fascisme. Dit verskil in hierdie belangrike opsig dat dit die sedelike wet en die morele regte van die mens respekteer."**

Daar word dan aangetoon hoe Salazar van onder af begin hervorm het en tans besig is om 'n stelsel van beroepsverteenwoordiging op te bou. „Salazar is hewig gekant teen statisme. Sy doel is die van assosiasie, van die bymekaarbring van werkgewer en werknemer in 'n eenheid en al die ander nywerhede weer in 'n groter eenheid. Dit neem tyd, en hy is hier besig om teen die idees van die kapitalisme in te gaan wat die volk se ekonomie verower en die werker en werkgewer so drasties verdeel het".

Ten slotte verklaar die blad dat hierdie stelsel en meer in besonder die gees en beginsels wat daaraan ten grondslag lê, „met vrug bestudeer en aangepas kan word in ons land." Totsover die blad.

Portugal is een van die lande wat tot sterwens toe siek geword het onder die partystelsel. Salazar het die kapitalisme verwerp en die nuwe gedagte van volkseenheid en volksorg gebring. **Hy het weer die gesin in ere herstel en die nadruk laat val op die arbeidsplig. Die staat tree op vir die beskerming van die gesin as bron van die instandhouding van die volk en van maatskaplike dissipline en harmonie en as 'n fundamentele faktor in die politieke en administratiewe orde van die land.**

Dit is hierdie beginsels wat die Ossewabrandwag ook in ons land toegepas wil hê, en wat die stokou beginsels is van die Boerevolk.

# EERS KINDERS

Nadat „bestaansveiligheid" in die rakke weggepak is, het die Smuts-bewind verlede week in 'n immigrasie-histerie losgebars, kwansuis na aanleiding van die sensus-syfers wat 'n donker skadu werp op die verhouding tussen blank en nie-blank. **In eenvoudige taal beet dit dat daar veels te min blanke kindertjies gebore word teenoor die nie-blankes.**

Van regeringskant word niks gedoen om die natuurlike aanwas te bevorder nie. Onder die huidige ekonomiese stelsel kan meeste jong mense — **en veral in die regering se staatsdienste** — nie trou voor op baie gevorderde ouderdom nie, en dan nog is die vrou verplig om die inkomste aan te vul met kantoorwerk. Die geboorte van kinders word op dié wyse selfs nog lank na die reeds late huwelik uitgestel, en eindelik kos dit aan mediese diens en toerusting vandag minstens £75 om 'n kind in die wieg te ontvang — 'n gebeurlikheid wat meeste salaristrekkers net eenmaal in vier of vyf jaar of selfs in 'n loopbaan in die gesig kan kyk.

**Maar in plaas van die maatskaplik-ekonomiese lewe so te hervorm dat die volk se lewe uit homself verleng kan word, soos o.a. in Duitsland gebeur het, waar daar vandag ondanks die verliese van die oorlog 'n toename van 7½ miljoen Duitsers tydens die oorlogsjare geregistreer is — danksy die volksorg-beleid van die Hitlerbewind — wil genl. Smuts en sy party nou die kunsmatige hulpmiddel van oorstroming deur vreemdelinge aangryp.** En volgens sy uitlating 'n oorstroming sonder navraag na karakter, assimileerbaarheid of aanpassingsvermoë, 'n oorstroming wat die eie volk uiteindelik sal oorspoel en die geskiedenisvrug van drie eeue verbeurd verklaar.

**As daar inderdaad 'n geroep uit die sensus-syfers opstyg, dan is dit nie na „miljoene" vreemdelinge oor see nie, maar na 'n nuwe bewind op 'n nuwe grondslag waarin dit die taak van die regering sal wees om volksorg te beoefen in plaas van al sy energie te bestee in die verwoestende burgeroorlog van die partypolitiek wat nog elke Europese land waar hy ingevoer is bankrot gemaak het sowel wat sy geldelike as sy menslike bates betref.**

Immigrante kan en moet kom, maar beslis nie in die plek van 'n nageslag nie.


## REISPLAN K.G.

### Generaalskap F5

### (KOEDOESKOP)

10 SEPTEMBER, 11 v.m. NOORDBRABAND

10 SEPTEMBER, 3 n.m. MAKOPPA

11 SEPTEMBER, 11 v.m. SENTRUM

11 SEPTEMBER, 3.30 n.m. KOEDOESKOP

## REISPLAN

**Die A.K.G., Genl. J. A. SMITH**

**spreek vergaderings toe op onderstaande plekke by geleentheid van O.B.-dag-funksies.**

**BEAUFORT-WES: 24 AUGUSTUS 1946**
Opening Basaar: 10.30 v.m. Middagete 12—2 n.m.
Aandete 5—6.30 n.m. Koffie, tee en pannekoek word bedien.
Om 8 uur n.m. vergadering in die STADSAAL.
Jukskei, Skyfskiet en ander speletjies.

**LOXTON: 26 AUGUSTUS 1946**
Opening Basaar 2.30 n.m. Aandete word ook bedien.
Vergadering 8 uur n.m.
Bring jukskeie saam; skyfskiet en ander speletjies.

**CARNARVON: 27 AUGUSTUS 1946**
Vergadering in die GEDENKSAAL, 3 uur n.m.
Jaarlikse Funksie en Basaar word gehou om fondse in te samel.

**FRASERBURG: 29 AUGUSTUS 1946**
Vergader in die Stadsaal om 7 uur n.m.

**SUTHERLAND: 30 en 31 AUGUSTUS 1946**
Vergadering, 30 Augustus, om 8 uur n.m.
Funksie, Saterdagmôre, 31 Augustus.

**Vriende en Belangstellendes word vriendelik uitgenooi om die Vergadering en Funksies hierbo genoem by te woon.**

5244

## O.B.-Funksie Oudtshoorn!!

Daar sal op **31 AUGUSTUS** 'n **O.B.-FUNKSIE** gehou word op die plaas van Hoofkommandant **De Jager.**

Sprekers word later bekend gemaak.

Alle Offisiere, O.B.-lede en vriende word hartlik uitgenooi.

KOM EN GENIET USELF!!

## OSSEWABRANDWAGDAG, CALEDON.

**SATERDAG, 24 AUGUSTUS, 1946, om 2 uur n.m.**

**JAARLIKSE BASAAR in die BLOMSKUUR.**

Daar sal Skaapvleis, Pluimvee, Boerwors, Naaldwerk, ens., te koop aangebied word. ALMAL WELKOM.

**VERGADERING**

**die aand om 7.30 n.m. in die STADSAAL.**

**Sprekers:**

**Hf.genl. dr. F. du T. van Zyl en hfkomdt. W. R. Laubscher.**

Kaapstad se O.B.-orkes sal teenwoordig wees.

Alle Christelike Blanke Afrikaners is welkom.

5231—2

## S K R Y F B E H O E F T E S

**CROXLEY VULPENNE**
Smal, Medium en Breë punte . . . . 25/8 posvry

**INK**
Le Pages, Blou-swart . . . . . . . . 10d. pos 6d.
SKRIP, Blou en Blou-swart
Klein 1/3 — Pos 6d. Groot 2/3 — Pos 6d.
Quink, Blou en Blou-swart
Klein 1/3 — Pos 6d. Groot 2/3 — Pos 6d.

**GOM**
Le Pages „Glue"
Klein 9d. — Pos 2d. Groot 1/3 — Pos 4d.
Le Pages Wit Pasta-lym . . . . 9d. Pos 4d.

**CRAYOLA SKOOLKRYT**
6 — 4d. 12 — 9d. — 24 — 1/6. Porto 2d., 4d. en 6d. onderskeidelik.

**SELLOTAPE**
Gegomde deurskynenede papier op rolle. 72 JAARTS OP ROL.
¾ dm. — 7/6 rol p.v.. 1⅛ dm. 11/6 rol p.v.

**PASSE PARTOUT**
(Gegomde papier geskik vir raamwerk, ens.
1 dm. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1/- rol.

**SPEEDRY BRUSHPEN**
'n Vulpen waarmee u plakkate ens. kan skryf. 3 verskillende punte. Vra om besonderhede.

---

Posvry

**DUIMSPELDE**
(Drawing Pins) . . . . . . . . . . . . 100 vir 2/-

**PASSERS**
Soliede Staal . . . . . . . . . . . . . . . . . 2/1

**OMSLAE**
Folio „Springback" . . . . . . . . . . . . 9/6
Ring Omslae met Papier (Folio) . . . . . 9/-
Ring Omslae met Papier (Kwarto) . . . . 7/6
Folio Papier — Per katern (24 vel) . . . . 1/6

**SKRYFBEHOEFTE-STELLE**
Basildon Bond . . . . . . . . . . . . . . . . 5/-
Blueholm . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 6/6
Court Deckle . . . . . . . . . . . . . . . . . 8/6

**FOTO-ALBUMS**
Swart Blaaie . . . . . . 8/6, 9/6 en 11/- posvry

Vra om VOLLEDIGE PRYSLYSTE van SKRYFBEHOEFTES en LEERARTIKELS

### INTEKEN- EN BESTELVORM:

**INTEKENVORM**

Datum ....................

Neem asseblief my naam op as intekenaar op die Pro Ecclesia-Biblioteek. Ek onderneem ten minste vir 6 maande intekenaar te bly en om die rekening ELKE MAAND te vereffen.

Geteken ....................
Naam ....................
Adres ....................
*(In blokletters asb.)*

**BESTELVORM**

Datum ....................

Stuur asseblief die volgende boeke, waarvoor ek die bedrag van £ .................. insluit.

Geteken ....................
Naam ....................
Adres ....................
*(In blokletters asb.)*

| Eks. | Besonderhede | £ s. d. |
|---|---|---|
| | | |

**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL, Posbus 29, Stellenbosch**

*Byvoegsel tot „Die O.B." van 21/8/46.*

Jaargang II UIT ONS BOEKERY No. 4.

# 'N WENNER!



Pro Ecclesia-Boekhandel het genoeë om die wenner van hul ROMAN-WEDSTRYD aan te kondig, nl.

## „VOËLENT OP 'N DORINGTAK"

Deur HANS HUYSMAN

„Hierdie Roman tref die leser dadelik deur sy pittige en eenvoudige verhaaltrant, sy rake uitbeelding van mensetipes, sy humoristiese beligting van persone en situasies, sy pretensielose daarstelling van die bondeldraer-Jood wat met honde-gelatenheid veel minagting van die meerderwaardige Afrikaner verduur, bloot om sy skatte stadig maar seker in te palm. 'n Oorspronklike, intelligente en in die algemeen knap stuk werk, wat wye aandag van die publiek behoort te geniet".

**Hierdie roman sal gedurende Oktober verskyn as derde boek in die PRO ECCLESIA-BIBLIOTEEK. — Vir verdere besonderhede sien volgende bladsy.**

**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL, Posbus 29, Stellenbosch**

# BOEKE VIR U GESKRYWE!

**ROMANS: Humoristies, Romanties, Speur, ens.**
**Ontvang gereeld elke maand een! Teken in op die PRO ECCLESIA- BIBLIOTEEK.**

U ONTVANG EEN ROMAN PER MAAND TEEN 15 PST. KORTING. — PRYSE VAN BOEKE VANAF 6/6 TOT 8/6.






**Reeds verskyn: H. J. M. Redelinghuys**

## „EERS DIE KONINKRYK"

7/6 posgeld 4d

**IN SEPTEMBER**

DANIE STEGMAN

## „SKOORSOEK"

Die eerste humoristiese werk van so'n omvang wat in Afrikaans sal verskyn. Die taal is goed versorg en die vreemde, soms koddige sinswendinge, raak gesegdes en frisse woordeskat is van kultuurwaarde. 8/4 posvry.

**IN OKTOBER**

HANS HUYSMAN SE PRYSWENNER-ROMAN

## „Voëlent op 'n Doringtak"

Sien vorige bladsy.

| | | |
|---|---|---|
| In NOVEMBER | — Zelia Myer | WINTERSON |
| In DESEMBER | — H. C. Nieuwoudt | DIE SANDPRINSES |
| In JANUARIE | — Swartlander | STROOMOP |
| In FEBRUARIE | — G. Sutherland | GIELJAM IN DIE GOLWE |

**Intekenaars op hierdie Biblioteekskema ontvang ook korting op enige ander boek wat hulle by ons bestel.**

SIEN INTEKEN- EN BESTELVORM OP BLS. VIER.

# AFRIKAANSE ROMANS




**DIE VERSKRIKLIKE DR. PERRON**

*deur WALTER SPIETHOFF*

Die boekie vorm lekker ligte reislektuur, aangenaam om te lees as tydverdryf.

**2/9 posvry**

**MARYNA of die Kamferhout-kissie**

*deur M. MALHERBE en A. E. CARINUS*

'n Familieverhaal

**2/9 posvry**




| | Posvry |
|---|---|
| Groenewalt — *Harte van Staal* | 10/6 |
| W. A. de Klerk — *Die Grenslose* | 9/- |
| M. Boyce — *Die Storm Woed* | 9/- |
| J. H. Naude — *Carino Cate* | 9/6 |
| Abel Coetzee — *Die Dag se Soom* | 9/- |
| Marie Steyn — *Eerste 'n Steen* | 7/10 |
| K. v. d. Heever — *Wat baat dit 'n Mens* | 9/- |
| I. du Toit — *Die Bolander* | 9/2 |
| R. Hendriks — *Ek is Antoinette Duke* | 8/4 |
| J. v. d. Post — *Jy Anton Jooste* | 8/4 |
| T. G. Nel — *In die Doringveld* | 6/6 |
| Paula — *Ankertoue* | 9/- |
| S. Roux — *Blare wat val* | 9/- |
| S. Roux — *Vertraagde Lente* | 8/3 |
| R. Neser — *Blare wat val* | 6/9 |

| | Posvry |
|---|---|
| Sita — *Nuwe Môre* | 8/- |
| Beroep — Andries Merkel | 9/- |
| Lampen — *'n Sonderlike Leidraad* | 6/3 |
| Brits — *Goud, Wierook en Mirre* | 6/9 |
| P. Olivier — *Nuwe Wyn* | 6/9 |
| J. Kock — *Anna* | 6/9 |
| C. Louw — *Talmende Skemer* N | 6/9 |
| Conradie — *Wat baat dit 'n Mens* | 8/- |
| Gert Fourie — *Die Prys van 'n Belofte* | 7/6 |
| M. S. van Rooyen — *Hande wat genees* | 8/- |
| Brits — *Glans van die Reënboog* | 6/9 |
| H. F. B. Nel — *Terug* | 7/- |
| W. v. d. Berg — *Reisigers na Nêrens* | 8/6 |
| L. Behrens — *Die Verwaaide Vlam* | 8/6 |

*Vra om volledige Lys!*

GESKIEDKUNDE:

| | Posvry |
|---|---|
| Eric Stockenström: DIE AFRIKAANSE VROU | 6/6 |
| Eric Stockenström: VERNAME PERSONE | 6/6 |
| Mev. Van Straten — SAAM VERBAN | 5/6 |




S. F. N. GIE:
**GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA**
Deel I 6/6 — Deel II 8/-

F. POSTMA:
**PAUL KRUGER** 4/6

JORDAAN:
**Só het Hulle Gesterf** 6/-

VAN DEN HEEVER:
**Generaal J. B. M. Hertzog**
26/- posvry.




VOLKSPELE: Hester Morrison — NUWE VOLKSPELE — 4/6 posvry.

VRA OM VOLLEDIGE PRYSLYSTE.

# Moskou Oefen Naturelle Met Stakings aan Rand

**Die kommunistiese opruiing van nie-blankes het verlede week in Johannesburg 'n nuwe hoogtepunt bereik toe meer as 50,000 naturelle-mynwerkers gestaak het oor 'n minimum-loon van 10s. per week. Dit het uitgeloop op pogings tot geweldpleging waarin etlike naturelle gedood en beseer is. In een stormloop is ses naturelle doodgetrap nadat die massas op vlug gedryf is deur die polisie.**

Daar is waargeneem hoe die naturelle vanuit motors aangehits is om hul werk te staak. 'n Aantal van hierdie opstokers is deur die polisie in hegtenis geneem, en onder hulle is daar 'n paar blankes. 'n Groot vergadering wat deur die kommuniste belê is en deur 'n kommunistiese stadsraadslid, mej. Hilda Watts, toegespreek sou word, is deur die magistraat belet.

**In 'n verklaring voor sy party se hoofbestuur het genl. Smuts gesê dat hy nie baie bekommerd is oor die naturelle-stakings aan die Rand nie, aangesien dit duidelik is dat dit nie die gevolg van ontevredenheid aan die kant van die naturelle is nie, maar van opstokery deur agitators. Asof dit nie 'n baie ernstiger saak is as 50,000 tevrede naturelle deur 'n paar kommuniste beweeg kan word tot geweldpleging nie!**

**DRILLERY**

Genl. Smuts het nietemin onderneem om teen die agitators op te tree. As hy daarmee net bedoel dat hulle beboet sal word, kan hy hom die moeite maar spaar. **Die feit wat onder oë gesien moet word, is dat die kommuniste besig is om die naturelle te dril vir gebruik van hul politieke oogmerke, d.w.s. vir die revolusie wat Moskou ten opsigte van die hele wêreld beplan.** En Moskou is nie bekommerd oor die 2/6 wat 'n Shangaan in Johannesburg meer kan kry nie, en nog minder oor die doodtrap of doodskiet van 'n paar naturelle, maar wel oor die onderwerping van Suid-Afrika aan die aspirant-wêrelddiktator Josef Stalin. En vir dié doel word naturelle, kleurlinge en Indiërs tans gedril om Moskou se bevele stiptelik uit te voer by wyse van stakings.

Agtien naturelle-vakbonde, waaronder munisipale werkers, het aan die Rand hul bereidwilligheid uitgespreek om 'n simpatie-staking vir 48 uur uit te roep. In Durban is hierdie opstande deur die Indiër-wetskenders as 'n „tweede front" verwelkom, terwyl andere dit in aansluiting wil bring met die algemene veldtog van pasverbranding.

## Speurders Verras Kommuniste

Speurders het verlede Vrydag die kantore van die Kommunistiese Party in Kaapstad sowel as in Johannesburg deursoek en in albei gevalle op 'n groot aantal dokumente beslag gelê. Die klopjag is uitgevoer op las van die speurdiens in Pretoria. Die ondersoek staan in verband met die staking van die naturellemynwerkers aan die Rand. In Kaapstad is 70 dokumente, waarvan sommige vertroulik, weggeneem. Die Kommuniste is onvoorbereid gevang en het nie geweet dat die polisie 'n klopjag op hulle kantore gaan uitvoer nie.

## Dank vir Hulp

Komdt. E. A. Nel en veldk. A. M. Kriel, Wilgenhoutsdrift, skryf: Vergun my langs hierdie weg te bedank al die O.B.-lede en goedgesinde vriende van Upington kommando vir hul vriendelike ontvangs, vrye etes, slaapplek, vervoer, en wat hulle soms onder moeilike omstandighede verskaf het, aan die O.B.-lede wat beskuldig gestaan het in verband met die O.B.-laertrek te Gifkloof. Dit was vir ons 'n inspirasie. Ook wens ek alle belangstellendes buite die O.B. te bedank vir hul simpatieke houding.

## DUITSE GEMOEDERE BRUIS OP

Nadat die Britse militêre regering die huise van Duitsers in Hamburg gekommandeer het vir Britse offisiere om in te woon, het Duitse vroue by wyse van 'n protes 'n optog gereël en na die burgemeester van die stad gaan spreek. Binne enkele oomblikke nadat die optog begin het, het 4,000 persone vergader en „Deutschland, Deutschland über alles" gesing. Die skare het uitgeskree: „Ons is nie Indiërs of koelies nie en wil soos Duitsers behandel word." Uitroepe van „Mag God Engeland straf", het oor die skare weerklink.

**AANSOEKE OM HUISE:** Die kontroleur van mannekrag het tans 5,223 aansoeke van persone in die Kaapse Skiereiland om huise ontvang. Gedurende die afgelope twee maande het daar 800 oud-soldate en sowat 600 ander persone aansoek gedoen om huise. Slegs 300 persone kon in hierdie periode gehelp word. Dit het onder ons aandag gekom dat 'n oud-soldaat met 'n gesin van drie gedurende die afgelope vyf maande vir twee maande in Seepunt, 'n maand in Observatory en tans tydelik in Simonstad woon, terwyl hy self in Kaapstad werk. Hy was nie in staat om 'n huis of losies vir sy gesin in Kaapstad te bekom nie.

# Uit Die Week se Nuus

**DAAG REGERING UIT.** — Die Verteenwoordigende Naturelleraad wat verlede week in Pretoria byeen was, het die regering daarvan beskuldig dat hy „Nazisties" is in sy optrede. Die beskuldiging is verder teen die regering gemaak dat hy nie rekening hou met die liggaam wat die naturelle verteenwoordig nie. As protes teen die beleid van die regering het die raad verdaag voordat hy met sy sitting begin het. Die stap word beskou as 'n uitdaging aan die regering.

**TE VEEL WIL KOM.** — Amptenare van die Suid-Afrikahuis in Londen het verklaar dat dit nie nodig is om 'n skema in werking te stel om mense aan te moedig om na Suid-Afrika te kom nie. Daar is duisende aansoeke maar weens skeepsruimte kan hulle nie verlof kry om na die Unie te kom nie.

**WOU OPSTOOK.** — Op Stellenbosch het twee Kaapse naturelle probeer om 'n vergadering in die lokasie te hou om die naturelle aan te hits om hul passe te verbrand, soos die inwoners van Langa-lokasie onlangs gedoen het. Deur die optrede van die stadsraad is hulle belet.

**RUSSE MAAK ATOOMBOMME.**—'n Russiese waarnemer by die atoombomontploffings by die Bikini-atol het in San Francisco verklaar dat „Rusland verwag om binne afsienbare tyd atoombomproefnemings uit te voer."

**KOMMUNISTE LOODS STAKING.** — 'n Leier van die stakende naturelle-mynwerkers aan die Rand, J. B. Marx, 'n erkende kommunistiese leier, en voorsitter van die naturelle-mynwerkersvakbond is deur die polisie in hegtenis geneem tesame met vier ander naturelle wat ook amptenare van die vakbond is.

**SMUTS NA PARYS.** — Die Eerste Minister, veldm. Smuts, het verlede Maandag in Parys aangekom waar hy die vredeskonferensie bywoon.

**AANVRAAG OM BOUPERMITTE.** — Daar is nou byna 5,000 mense wat aansoek om boupermitte gedoen het ter waarde van meer as £7 miljoen. Al hierdie persone is op 'n waglys en het nie hoop om binnekort gehelp te word nie.

**WOU STAKERS STEUN.** — Toe 'n aantal studente aan die Witwatersrandse Universiteit verlede week 'n vergadering wou hou waar hulle hul simpatie met die naturellemynwerkers sou uitgespreek het, het die rektor, van die Universiteit die vergadering belet met die oog op die toestande aan die Rand. „Geen politieke byeenkomste mag voorlopig aan die universiteit gehou word nie," het hy verklaar.

**BRODRICK BESKULDIG VAN DIEFSTAL**

Met die voortsetting van die saak teen mnr. B. B. Brodrick, voormalige hoofsekretaris van die Mynwerkersbond, is getuienis afgelê waarin beweer word dat die beskuldigde probeer het om een van die getuies te oorreed om haar getuienis te verander en te sê dat sy die radiostel was hy aan haar gegee het, van iemand anders ontvang het. Hy het haar £500 aangebied om dit te doen. Sy wou egter nie daaraan byt nie. Brodrick staan beskuldig van diefstal van radiostelle.

**UNIE SE VERDEDIGINGSMAG.** — Die Unie se leërmag bestaan tans uit 37,530 lede. Van hierdie getal wag daar nog meer as 10,000 op hul ontslag. Die res is nog op diens. Daar is altesaam nog 7,600 nie-blankes in die mag.


WAARDE VIR GELD



**Dameshoede . . .**
VIR WELKE GELEENTHEID OOK AL, U KRY VERSKEIDENHEID BY
Steyns
DIE MODEWINKEL
PAROW

**MEUBELS**
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU!
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
**Werda Meubelhandelaars,**
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS
**Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.**
SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD
Takkantore: Bellville, Strand en Wynberg.

KENNISGEWING

DIE NELSPRUIT O.B. FONDSDAG-FUNKSIE, soos gereël vir 10 Augustus, is weens onvermydelike omstandighede uitgestel tot 14 September 1946.
5241-2

BRING U MOTOR VIR BEDIENING EN REPARASIES
na
**Premier Service Station**
Barnetstraat 35 KAAPSTAD
5246

'N GOEIE ROMAN
ELKE MAAND
Ons het genoeë om aan te kondig dat ons Biblioteekskema weer vanaf September voortgesit word.
TEKEN IN OP DIE PRO ECCLESIA-BIBLIOTEEK EN ONTVANG ELKE MAAND 'N GOEIE BOEK TEEN 'N KORTING VAN 15 PERSENT.
Reeds verskyn:
EERS DIE KONINKRYK
deur H. J. M. Redelinghuys
7/10.
Vra om verdere besonderhede by:
PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
Bus 29 Stellenbosch





SUKSES
IN U STUDIEKURSUS.
SUKSES
IN U EKSAMENS.
SUKSES
IN U LOOPBAAN.
GEWAARBORG
deur
DIE BESTE, EENVOUDIGSTE, en GOEDKOOPSTE KORRESPONDENSIELESSE.
MODELANTWOORDE op EKSAMENVRAE.
Skryf onmiddellik aan:
*DIE SEKRETARIS*
*Lyceum Kollege, Posbus 5482, Johannesburg*

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

Darwin het na die SKAKEL tussen mens en aap GESOEK; DIE O.B. het die SKAKEL tussen adverteerder en publiek GEVIND!

DIE O.B. vind sy weg in duisende huisgesinne oor die hele land, waar dit met toewyding gelees word.

**Uit klein akkers spruit groot bome . . .**
**Uit hierdie klein beleggings spruit groot dividende.**

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: **DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.**

## HUWELIK

Vir partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang, Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

## GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.
Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENT-WERKE (EIENS.) BEPERK**
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MAITLAND.
Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2

## DANKBETUIGING

Chris Liebenberg en sy vader, sê hiermee baie dankie aan al die vriende vir hul meegevoel en bydraes.

Chris is onlangs deur die magistraat gevonnis tot £50 boete, of ses maande tronkstraf, omdat hy 'n naturel wat diefstal gepleeg het, dodelik gewond het. C. J. en J. G. Liebenberg, Carolina.

## AGENTSKAPPE

**Interprovinsiale Agentskappe (Edms.) Bpk., Groote Kerkgebou 521, Kaapstad.** Telegrafiese adres: „Interpros". Foon 2-4560. Ons is makelaars en afslaers en verteenwoordig plattelandse besighede van enige aard, sowel as die belange van privaat persone; koop en verkoop vaste en ander eiendomme enige plek in die Unie en hanteer verkopings en inkopings van enige aard in die buiteland. 5603/52

EIENDOM. In verband met verkoop van huise, plase en motors raadpleeg P. v. d. WESTHUIZEN, Oranjestraat 82, KAAPSTAD. Foon 2-0740. 5602TK

EIENDOMME. As u eiendomme wil koop of verkoop, raadpleeg VAN RIEBEEK TRUST, Posbus 48, Arcadiagebou, Voortrekkerweg, BELLVILLE. Telefoon 9-7222. 5607/52.

EIENDOMME. PARWOOD AGENTSKAP, Voortrekkerweg 74, PAROW. Posbus 46, Telefoon 98-9155. Wanneer u 'n plaas, huis of besigheid wil koop of verkoop, raadpleeg ons eers. 5606/8

EIENDOMME. LOTZ EN SEUN, Posbus 40, PAROW. Raadpleeg ons eesrte voordat u enige eiendomstransaksies aangaan. Deskundiges tot u diens. Telefooneer 9-8616. 5604/13

## ALGEMENE HANDELAARS

COETZER SE WINKEL H/v. Merriman- en Cookstraat, VASCO vir Dames en Babaklerasie, Kruideniersware, Verf ens. 5600TK

OOSTELIKE WINKELS. — Besoek ons by ons nuwe perseel. H/v Adderley- en Pellstrate, Port Elizabeth. TK5529

## BELANGRIK VIR DAMES

PETRONELLA, Kamer 414, Groote Kerkgebou, Kaapstad. Foon 2-2178. Kom na ons vir deftige jasse, Romax Snyerspakke. Trick tweestuk rokke. Ook troutabberds word gemaak na mate.

## BETREKKING VAKANT

'n DAME as hulp in Inrigting. Ouderdom 19 tot 30 jaar. Salaris £5 per maand met vry losies. Moet langer as ses maande bly. Gesondheidsertifikaat noodsaaklik. — MATRONE, Auckland Park Verpleeginrigting, Walton Laan 13, Johannesburg. 3B

MEUBELMAKER benodig met minstens drie jaar ondervinding. Meld ouderdom, wanneer dienste aanvaar kan word, en verstrek aanbevelingsbrief van plaaslike Komdt. of Genl. Doen aansoek by: KERKSTRAAT MEUBELMAKERS, VRYBURG, K.P. 3B

## BOME, PLANTE EN SAAD

HERHOLDT SE BEROEMDE VRUGTEBOME verseker tevredenheid, genot en profyt op die boereplaas sowel as in die dorpstuin. ROSE: pragtige verskeidenheid van kleure. Bespreek nou vir winter planttyd en voorkom teleurstelling. Pryslyste vry. Bekoorlike gesorteerde HOLLAND SWAARDLELIEBOLLE word binnekort verwag. 12/6 per dosyn. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, JOHANNESBURG.

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Detroit Beet 9/-; Chantenay Wortels 12/-; Suiderkruis Blomkool 18/-; Reliance Blomkool 20/-; Kaap Spitzkopkool 10/-; Koel en Broos Komkommer 12/6; Tom Watson en Wonder Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 20/-; Skorsies: Hubbard Groen, Lang Wit Bos en Murg van Groente 10/-; Perstop Raapsaad 7/6. Uie: Australiese Bruin 7/6; Kaapse Plat 9/6; Silver King 10/6; Prei 20/-. Tamaties: Marvel 25/-; Marglobe 40/-. — K.M.B. van PREMIERS, Posbus 11, Schoemansboek. 3/7/V

VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

## GEMENG

DRAAI-, PAS- en SWEISWERK en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar O. J. Geldenhuys. Foon 989139.

ELEKTRIESE WARE. — Vir alle elektriese installasies en benodigdhede raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voerroë. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Floritsbad. 32B

## GENEESMIDDELS

ASMA-LYERS. — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7297/4/B

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

BLY JONK.—GRYSHAARWONDER. Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

## HORLOSIEMAKERS

Vir horlosiereparasies spreek STEYN en SWART, Posbus 3531, KAAPSTAD. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Kerkstraat 68, Kaapstad. Foon 2-5454.

## HOTELLE

MAJESTIC HOTEL, Ceres (Eienaar J. W. Brummer) Foon 111). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

## HUURMOTORS

Altyd tot u diens! Vir betroubare Huurmotordiens bel 322. J. MULLER, Ruststraat 18, OUDTSHOORN. 5253—4.

## KLEREMAKERS

STEYN en SWART, voorlopig h/v. Merriman en Cookstrate, VASCO. Die Kleremakers met 'n reputasie. Hou dop vir hul nuwe adres. 5567

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eersteklas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52.

## MEUBELS

PETRA-MEUBELS BPK.—Die goedkoopste Meubelwinkel in Pretoria vir kwaliteit-meubels. Radios in voorraad. Posbus 1356, PRETORIA.

MEUBELS. — Swierige en duursame Tambotie- en Kiaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabrieksapryse. — Navrae: ONS BOERE MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie," Tel. 136.

## MISSTOWWE

KARROO KRAALMIS MEEL: Beste kwaliteit gelewer in dertien goeie tweede-hand sakke per ton. Teen £1/17/6 per ton, of £1/5/- per ton los in trok. 50 x 50 As mengsel teen £2 per ton in elf sakke per ton, gelewer in trok. Bestellings vergesel van kontant sal voorkeur geniet. C. P. COETZEE, Voortrekkerstraat, PEARSTON. 5530TK

## PATATRANKE

PATATRANKSTEGGIES: Tevredenheid gewaarborg. Goeie gehalte. 10/6 per duisend (1000), 6 maande, wit driemaande en borrie. K.M.B. — S. P. GERBER, Possak Serpentine, Distrik George. 5568

PATATRANKE. — Sesmaande Patatranke teen 7/- vir 83 lb. Gesny, 10/- per 1,000. Witranke 7/- vir 40 lb. Gesny, 10/- per 1,000. Gelewer Serpentine Sylyn. K.M.B.—PAUL BOTHA, P.K. Hoekwil, dist. George. 5599TK

PATATRANKE: Beste Rooigrondpatatranke. Sesmaande 7/- vir 80 pond sak. Wit driemaande 7/- vir 40 pond sak. Borriesteggies 12/6. H. ROELOFSE, Possak Serpentine, GEORGE. 5218

## TE KOOP AANGEBIED

BUL. — Een korthoringbul, Het-Lod Prince No. 10862/22, gebore 15 September 1939. Vader E. F. Golden Prince No. 9574, Moeder Het-Lod Winnifred No. 12804. Prys £20. — W. LOMBARD, Fontein, Adelaide. 5232-3

BUL. — Een korthoringbul Haslop Lord Pengilley II No. 10111/21, gebore 15 April 1939. Vader die bekende Haslop Badcock No. 9640 en Moeder Haslop Lady Pengilley No. 12135. Prys £50. — W. LOMBARD, Fontein, Adelaide. 5232-3

DONKIEHINGS. — Een Kataloniesetipe donkiehings. Swart-witpens, nege jaar oud en in goeie kondisie. Goeie werker. Prys £10. — W. LOMBARD, Fontein, Adelaide. 5232-3

Pragtige hamerlose tweeloop B.S.A. HAELGEWEER. So goed as nuut in mooi afgewerkte houtkis. £30 of naaste aanbod voor 15 September. D. P. MARAIS, Pearston. 5247

NIERBONE. — Goeie gemiddelde kwaliteit, 85/-. Klein Wit (Harcott) do. 72/6 per sak van 203 pond. V.O.S. Devon-stasie. K.M.B. — P. PENNING, Bus 6, Devon. 5224-3

ROOI POENSKOPPE (Red Polls), as u 'n eersteklas dubbeldoel-Rooi Poenskop-bul soek: Dunbar-stoet het geregistreerde bulle van hoë gehalte. Almal goedgekeur. Te koop teen redelike pryse. — Om besonderhede skryf aan of besoek: ENSLIN, Pk. Gloria, Middelburg, Transvaal. 21/8/4

RYPERD. — Brandwagte, ek bied my ryperd aan, 6 jaar oud, 15 hande hoog, donkerbruin bles. Sterk gebou, gang nie, maar ry maklik. Vet, mak en gesond. Trek ook uitstekend in kar. Prys £30. Ook een ligte perdekar met tuie. Alles in goeie toestand. Prys £20, gelewer Indwe. — P. DE CONING, Alpha, Indwe. 2B

SPANPAALTJIES (droppers), lengte en dikte volgens bestelling; enige hoeveelheid. Gelewer Wolseleystasie. — L. BIELDT, Meulstraat, Wolseley. Foon 21. 4877/52

TAFEL-AARTAPPELS. — Heerlik vars, gesonde Up-to-Date Tafel-aartappels teen 32/6 per sak 153 lb. V.O.S Bethlehem. Ek waarborg tevredenheid S. W. RABIE, Kommandant, Bus 325 BETHLEHEM.

VERSE. — Vier baie mooi geregistreerde Friesverse. Drie 2 jaar oud en sal binnekort kalf. £45 stuk. Een 3 jaar oud met verskalf, £65. Twee jong bulletjies, £25 stuk. Bakenskraal Lindbergh bloed. Ook vyf graadverse wat binnekort in melk kom. Uitmuntende kondisie. — H. LOUW, Firgrove. 14/8/3B

## TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat advlesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

## PLUIMVEE

DAGOUD-KUIKENS.—Rhode Island-Reds dagoud-kuikens, „Ardenlee en „Glen." Beste bloed teen £6 per 100. Lewendige aflewering gewaarborg. Een „Buckeye" Broeimasjien. Hou 600 eiers. In goeie werkende toestand. Prys £19 of naaste aanbod. Foon 1012. — J. PAPENFUSS, „Saalland," Tweeling. 2B

2B

DAGOUD KUIKENS van allerbeste bloedgetoetste rasse. Suiwer rasse £7, kruise £6-10-0 per 100. Australorps, R.I.R., Leghorns, Pekin en Rouen broeieiers 7/6 per broeisel. Skryf aan: Dr. VAN DER MERWE, Posbus 36, Bellville. 5233-4

ERA PLUIMVEEPLAAS bied aan vir September en Oktober aflewering: Opregte B.W.D.- en Tifusvry dag-oud R.I.R. en W.L. Kuikens teen £6 per 100. E. R. ADCOCK, Posbus 1134, Pretoria. 21/8/5B

KUIKENS. — JOHS. J. COETZER, DIE WOLWAS, WINBURG, O.V.S. boek kuikens vir OKTOBER en NOVEMBER-aflewering, R.I.REDS, SWART AUSTRALORPS en WIT LEGHORNS. Kuikens groot en sterk, uitgebroei met Petersime Elektriese Broeimasjiene, gewaarborg vry van B.W.D. en Hoendertifus. Prys £5-10-0 per 100. 14/8/6B

PUIK KUIKENS. — Australorps, Leghorns en kruis teen £6 per 100, K.B.A. of K.M.B. Enige hoeveelheid, onmiddellike aflewering. Broeiplek teen 15/- per 100. H. R. MALAN, Pk. Kerstfontein, PAARL. Foon 6203. 26/6/V

## RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-3435.

## VERJAARDAGKETTING

15 AUGUSTUS: Bernhardus Olivier, Merweville; Felicity Louw, Rondebosch; Maria van Rensburg, Leeuwkloof; E. D. Retief, Wellington; Anna Morkel, Strand; Hester van der Merwe, Parow; H. Mynhardt, Maribogo; Keady Nel, Wilgenhoutsdrift; Heinrich Grobbelaar, Kortlaagte; Emarentia Rickert, Rustenburg; Kieflet Riekert, Rustenburg.

16 AUGUSTUS: Johanna Smit, Merweville; Hendrieka Bothma, Merweville; Martha Strydom, Merino; Maria van Niekerk, Bellville; Gerhardus Kriel, Wilgenhoutsdrift; Aletta Feyt, Durbanville; Abraham Spengler, Observatory; J. Bothma, Oudtshoorn; Johanna Hendrikse, Wilgenhoutsdrift; Betsie Taljaard, Goodwood; Jounita Annandale, Zeerust; Ria van Biljon, Levubu.

17 AUGUSTUS: Gustave Symington, Sutherland; Jacobus van der Westhuizen, Tiervlei; Elizabeth Hendrikse, Wilgenhoutsdrift; Aletta Husselman, O'Kiep; Sannie van Zyl, Montagu; Hester du Toit, Bothaville; Martha Hendrikz, Marquard; Hester du Toit, Bothaville; Frederika Kok, Melville, Johannesburg; Hendrik Roux, Mamagalieskraal.

18 AUGUSTUS: Barend Boshoff, George; Johanna Westraad, Kirkwood; Dirk Kapp, Port Elizabeth; Johanna Louw, Aughrabies; Maynie Steenkamp, Springbok; Rita Goosen, Nababeep; Gertruida du Toit, Goudina; Elizabeth Hanekom, Alheit; Anna du Toit, Fouriesburgstasie; Tienie Welthagen, Rustenburg; Bertina Venter, Pietersburg; A. J. Snyman, Mamagalieskraal; Hendrina Dreyer, Silent Valley.

19 AUGUSTUS: Rachel Kotzé, Wolseley; B. J. Rocher, Piketberg; Andries Steenkamp, Springbok; Anna le Roux, Loxton; Antonette du Toit, Fouriesburgstasie; Martha Meintjies, Bothaville; Anna Snyders, Mamagalieskraal; Corrie du Toit, Matooster.

20 AUGUSTUS: D. de Lange, Somerset Oos; Marianne Potgieter, Onseepkans; Joseph Kitchen, Port Elizabeth; Alexander de Wit, Tarkastad; Gotlieb Scheun, Rietbron; Willem van Rooy, Burgersdorp; Ansie Arangies, Paarl; Jacobus Liebenberg, Wilgenhoutsdrift; Hugo van Zyl, Paarl; Eva van Vuuren, Skuinsdrift; Maria van der Heever, Vaalkop; W. E. de Meyer, Maricodraai; Sophia Smit, Rashoop; Gloudina Kotze, Jeppe.

21 AUGUSTUS: Anette Borwer, Somerset-Oos; Ebenhaeser le Roux, Hottentotsrivier; Johannes Victor, Beaufort-Wes; Maria van Wyk, Paarl; Phillipa van Niekerk, Durbanville; Cornelia van Rensburg, Clocolan; Johanna Ries, Vryheid.

## ATOOMSALF

WONDERMIDDEL vir Aambeie, alle oop sere, omlope en uitslag. Prys: 2 ons, 4/-; 1 ons, 2/3, K.M.B. Rig aan:
**Eerw. G. VAN RENSBURG,**
**Oosthuizenstraat 212**
**Posbus 14, Warmbad, Transvaal**
4876/27

**TE KOOP AANGEBIED:**

Goudmyn-Stoetery bied aan Opreggeteelde Irish Hunter en Percheron Merries en Jong Perdjies uit ingevoerde ouers. Ook Fries- en Jerseykoeie, Verse en Bulletjies uit beste bloedlyne geteel. — A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson. TK5526

**W. Voigt (Edms.) Bpk**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiingsmasjiene
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

**Ons Gee Nog Steeds Leiding**
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.**
**Voortrekkerweg, MAITLAND**

## PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
**C. M. ELOFF EN KIE**
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

**A.V.B.O.B**
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
180 Takke

## VAKANSIE-OORDE

Vir 'n genotvolle vakansie kom na VERGENOEGD, RIVERSDAL. Die ideale plaas met sy natuurskoon. Vriendelike behandeling, gerieflike kamers, geurige etes. Billike terme.—Doen aansoek: MEV. A. BADENHORST. 31/7-12/9

## WYNE

VYF GELLING Muscadel-likeur £2 12s. 6d.; anker £3. 17s. 6d.; 5 gelling Rooi of Wit Muscadel, Jeripigo of Beste Ou Port £2 2s. 6d.; anker £3 2s.; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2 18s. 6d.; 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1 15s.; anker £2 11s. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, BONNIEVALE, K.P.

# OGIES IN DIE NUUS

### *DIE REDE?*

Die Engelse pers het skielik begaan geraak oor die slappe toepassing van strawwe in gevalle van doodslag. Dit is gedoen na aanleiding van die 10 jaar tronkstraf vir 'n jong blanke in verband met die moord op 'n bioskoopeienaar. Sover ons kan onthou is dieselfde besorgdheid nie uitgespreek toe 'n Britse soldaat se doodvonnis versag is na die sataniese moord op 'n elfjarige dogtertjie nie, en ook nie toe die vonnis van 'n Britse oud-polisieman vir 'n dubbele moord versag is tot tronkstraf nie. Staan dit miskien in verband met die feit dat dit in die derde geval 'n Jood is wat die lewe verloor het?

### *„DAMES" SE GEDRAG*

Honderd-twee-en-vyftig naturellestudente van die Lovedale-kollege is verlede week skuldig bevind aan openbare geweldpleging. Hulle het huise en persone onder klippe gesteek en probeer om huise aan die brand te steek. Die moeilikheid het ontstaan weens ontevredenheid oor suiker-rantsoene.

**Hierdie voorval bewys maar nogeens dat blote akademiese opleiding nog glad nie die kloof van 'n paar eeue se beskawingsproses oorbrug, soos die liberaliste wat vir gelykstelling pleit, veronderstel nie.** Veral nie as 'n mens die volgende beskrywing uit 'n brief van die hoof van die kollege lees nie:

„Die naturelle-vrouestudente wat totnogtoe vreedsaam gebly het, het lawaaierig geword en begin skreeu . . . Hulle het baie geskreeu en die skoolklok gelui!"

### *OOK 'N VOLKSFRONT?*

In 'n toespraak op Moorreesburg het dr. D. F. Malan, volgens verslag in Die Burger, met verwysing na die immigrasieplanne van genl. Smuts, gesê dat „daar tans sake is wat dieper gaan as partybelange", en verder dat „Suid-Afrika nou moet kies òf om sy posisie te verdedig met enige wapen òf om selfmoord te pleeg".

**Tel dr. Malan 'n parlementêre volksfront by die volgende verkiesing ook onder die begrip „enige wapen"?**

**WEES GESPIERD**



JOHAN HEFER

Vul onderstaande in en pos aan:
Die
HEFER-INSTITUUT vir GESONDHEID EN LIGGAAMSONTWIKKELING,
Posbus 3194, KAAPSTAD.

Stuur asseblief nadere besonderhede in verband met u Liggaamsontwikkeling-kursus.

Naam ............................................
ADRES ............................................
............................................
Ouderdom ............................................(1)

# Geesdriftige O.B.-Fees Op Worcester

**Die agste verjaardag van die O.B. is Saterdag, 17 Augustus, feestelik gevier op Worcester by geleentheid van 'n geesdriftige sametrekking op die ruim skougronde van die dorp.**

Die basaar is om 4 n.m. geopen deur die bevelvoerende offisier van A10, genl. Mark Smith van Robertson. Daarna was dit 'n gewoel en 'n gewemel rondom die volgelaaide tafels, teneinde hulle kaal te stroop van die massa artikels wat die ywerige vroue te koop aangebied het. Net vóór die aandete, wat die skare op die terrein geniet het, het die Kaapstadse blaasorkes, gevolg deur flinke afdelings van die O.B.-wag en die Boerejeug en 'n lang stoet motors 'n vrolike marstog deur die strate van die dorp onderneem. Die verrigtinge het sy hoogtepunt bereik met die K.G. se toespraak (lees berig op bladsy een) wat in die aand gelewer is. By die geleentheid het asst.-hfkomdte mev. W. J. van der Merwe die K.G. 'n mooi geskenk aangebied.

Die aandverrigtings het aangevang met 'n vlaghysingseremonie waarna die Boerejeug van Rawsonville die gehoor op sang vergas het. Mej. Rabie van Worcester het 'n voordrag, wat almal bekoor het, uit ons vaderlandse geskiedenis gelewer, uittreksels uit Piet Retief se laaste toespraak vóór die Trek.

### GENL. PIET RETIEF

Hoofgenl. Piet Retief van Ceres wat saam met die K.G. opgetree het, het die Worcester-kommando gelukgewens met die skitterende feesviering en sy blydskap uitgespreek oor die goeie opkoms. U is almal hartlik welkom by die O.B., het hy gesê, want ons ken alle Afrikaners: nie net hierdie of daardie seksie van ons volk nie. Dis die les wat die Waentjies ons agt jaar gelede geleer het, toe hulle alle Afrikaners versamel het in hul tog van die Kaap na Voortrekkerkoppie. En in die afgelope ses maande het hierdie idee merkwaardig posgevat onder diegene wat nog buite die O.B. staan. Nasionaal-gesinde Afrikaners wil met mekaar saamwerk. Genl. Retief het gewaarsku dat die volk ten spyte van twissieke leiers tog met mekaar sal saamwerk.

Die Kaapstadse blaasorkes het baie daartoe bygedra om die verrigtings op te luister deur die musiek wat hulle deurgaans verskaf het.

Die sametrekking het onder die bekwame bevel van komdt. Leibrandt van Niekerk gestaan.



**Hfkomdt. Cantius Pretorius van die Paarl wie se hoofkommandantskap vanjaar so skitterend met O.B.-dag gepresteer het. Die reuse-bedrag van £1,200 is ingebring — wat byna £200 meer as verlede jaar se opbrengs is.**

## STERKSTROOM KOMMANDO

O.B.-dag is gehou op 7 Augustus, op die plaas van veldt. J. A. van Heerden, onder toesig van komdt. J. C. Opperman.

'n Gesellige middag is deurgebring met skyfskiet, vleisbraai ens.

Onder omstandighede was die opkoms goed, en die mooi bedraggie van £10-14-6 is ingevorder. — (Ingestuur.)

# Groot Feesviering Op Vryburg

Dit was 'n trotse oomblik vir Vryburg se generaalskap toe die optog van perderuiters, Boerejeug en Brandwagte met Potchefstroom se Wagorkes deur Markstraat na die Stadshuis beweeg het. Voor aan die stoet, agter die Vierkleur, het die Kommandant-generaal gery tussen genl. De Beer en komdt. Haasbroek, en daarop het per kar, deur vier spoggerige perde getrek, generale Meyer en mev. Van Rensburg gevolg.

Ds. D. C. S. van der Merwe het die verrigtinge in die stadsaal geopen met die lees van die eerste hoofstuk uit die Openbaringe.

Vryburg se uitgestrekte generaalskap het sy pligte hierdie jaar, wat die O.B. betref, weer nagekom. Van heinde en ver was die Kommando's verteenwoordig, party met afstande van oor die 100 myl. Die stadsaal, mooi met blomme versier, het gegons met die bedrywighede van die verkoping. Stil en sonder ophef het Boerejeug en O.B.-vrou handewerk vervaardig en selfs die seuns het hul hande gebruik: daar was heelwat nuttige kombuisgereedskap te verkry — sterk gemaak en mooi afgewerk. **'n Tagtigjarige Brandwag het nie die moeite ontsien om mooi sterk riempie-veldstoele te maak nie.** Die aanwesiges (en daar was baie) het genoeg etes kon koop en wat oorgebly het, is opgeveil.

### DIE OPBRENGS

Dit, saam met die verskeie kollektes, het dan ook die pragtige resultaat opgelewer:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kommando Beyers | £32 | 5 | 0 |
| Boerejeug | £10 | 0 | 0 |
| Molopo II (nog uitstaande) | | | |
| Stella | £70 | 0 | 0 |
| Manie Maritz | £50 | 0 | 0 |
| C. R. de Wet | £232 | 10 | 2 |
| Boerejeug | £25 | 10 | 0 |
| Vryburg-Dorp | £76 | 3 | 2 |
| Boerejeug | £25 | 10 | 0 |
| Paul Kruger | £127 | 17 | 6 |
| Molopo I | £51 | 0 | 0 |
| Reivilo met Boerejeug | £24 | 17 | 6 |
| Amalia | £30 | 0 | 0 |
| | £811 | 10 | 4 |

Na verdaging van die parade en verwelkoming van die gaste, dr. en mev. Van Rensburg, generale mev. Meyer, waggeneraal Kriek en die Wagorkes van Potchefstroom, het dr. Van Rensburg sy waardering uitgespreek vir die ontvangs in Vryburg. Mev. Van Rensburg het aan hoofkomdt. Jordaan 'n pragtige O.B.-vlag oorhandig, en daarna is die Boerejeugoffisiere deur hoofkomdt. Taljaard van Potchefstroom ingelyf.

Aangesien mnr. P. J. du Plessis, oud-L.V. vir Vryburg, verhinder was om sy toespraak te lewer, het genl. Kriek 'n toespraak gehou waarin hy o.a. gewaarsku het teen die groot gevaar van ons eeu, die kommunisme.

### OOM NAAS

Senator I. Raubenheimer (Oom Naas) het met treffende voorbeelde onder groot byval verduidelik wat die Ossewabrandwag aan die Afrikanervolk bied: Die strewe na 'n partylose volkstaat, die besef van die noodsaaklikheid vir samewerking van die witman ten opsigte van alle probleme van ons eie land, en in besonder van die Indiërvraagstuk in Betsjoeanaland, om Suid-Afrika as witmansland te handhaaf.

Melding verdien gemaak te word van die koor van die C. R. de Wet-kommando. Dit lyk asof in tant Ria Oberholzer se omgewing gereeld gesing word, 'n feit wat gerus as 'n aanmoediging vir die ander wyke kan dien.



**Sen. Raubenheimer**

### GENLE. MEYER

Die aand was Vryburg se stadsaal gepak, daar was geen sitplek meer te kry nie en die mense het selfs buitekant nog in groot getalle gestaan. Die Kommandant-generaal het tussen twee rye van die O.B.-wag na die verhoog gestap, aangekondig deur die dromme van die Potchefstroomse studentewag en met gebed deur ds. Van der Merwe is die verrigtinge vir die aand geopen.

Generale Meyer het haar tot die vroue van haar gebied gewend en hulle aandag bepaal by die groot Vroue-opleidingskamp wat e.k. Maart op Kroonstad gehou sal word. Sy het die algemene verslapping van belangstelling wat vandag in alle volksorganisasies ondervind word, vergelyk met die winter, 'n tydperk wat ook in die lewenskring van 'n volk noodsaaklik is om die uitgeputte kragte weer te vergaar en wat gebruik moet word as voorbereiding vir die komende groeitydperk. Dis die taak van die Brandwag om sy aandag aan die minderbevoorregte vrou te skenk. Sy is diegene wie te alle tye die meeste bygedra het tot die bou van ons volk, sy gee nog steeds met haar uiterste krag en sal altyd die een bly wat skenk — en dis sy wat die minste aandag en versorging geniet.

Die Kommandant-generaal het aan die Vryburgers op hierdie agste verjaardag van die Ossewabrandwag 'n kort opsomming gegee van wat veral in die laaste vyf oorlogsjare deur hierdie organisasie bereik is, tenspyte daarvan dat die Regering, die Opposisie, die pers en die noodregulasies gemik was teen die Ossewabrandwag. Verder het hy 'n uiteensetting gegee van die O.B. se saamwerk-beleid.

## WERKSTERS NODIG

Die Kwakers in Engeland het 'n groot tekort aan welsynwerksters vir geteisterde Duitsland. Hulle ondervind moeilikheid om genoeg persone te kry wat gewillig is om die werk te doen. Indien daar persone in Suid-Afrika met sodanige kwalifikasies is wat begerig is om noodlenigingswerk in Duitsland te doen, kan hulle in aanraking kom met mnr. John Martley, Klerk van die Kaapstadse Kwakersvereniging, Posbus 1460, Kaapstad.


## Daar is 'n rede . . .

Die merkwaardige opkoms en groei van VOLKSKAS is nie maar bloot toevallig nie. Daar is goeie redes waarom hierdie Bank steeds presteer en uitbrei — en die belangrikste is ongetwyfeld die gehalte van die bankdienste wat deur sy takke gelewer word.

VOLKSKAS se deure is oop vir alle gesonde banksake; die privaat persoon ontvang dieselfde flinke aandag as die grootste sake-onderneming; geen transaksie word te klein of te groot beskou nie.

As u belangstel in 'n omvattende, doeltreffende bankdiens, gelewer in 'n gees van welwillendheid, beveel ons aan dat u met ons naaste takbestuurder in verbinding tree.

# VOLKSKAS BEPERK

Deposito's Oorskry £10,000,000

ARBEIDSAAMHEID

BANKIERS

HOOFKANTOOR: PRETORIA.

Goeie Voedsel
Vars Lug
Ontspanning
Rus

—Hierdie Vier Vereistes vir Goeie Gesondheid vind vervulling by

# Die BAD Warmwaterberg

Sonnige Gesondheidsoord van die Klein-Karoo. Aangename Geselskap en die Water wat genees bied verdere Verkwikking vir Liggaam, Siel en Gees.

**MODERNE GERIEWE**
**BILLIKE TARIEWE**

Telefoneer om Akkommondasie:
**Warmwaterberg No. 1,**
of skryf aan:
**Bestuurder,**
**Bad Warmwaterberg,**
**oor Barrydale, K.P.**

5240—4

## MARKAGENTSKAP VROEE MÔRE-MARK KAAPSTAD

**Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang**

**Beste heersende pryse**

**MINNAAR EN VAN SCHOOR**

**Eienaar: GUSTAV RETIEF**

# „EXCELSIOR"

Die naam wat u waarborg vir suiwerheid en kwaliteit is, bied u Wyne, Brandewyne en Likeure aan wat met die grootste sorg en moeite vermeng en verouder is vir u genot.

Alleenlik die BESTE is goed genoeg vir u — EXCELSIOR PRODUKTE IS DIE BESTE.

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Spesiaal Soet .. .. .. | 2/6 | 11/- |
| Rooi en Wit Jeripiko .. | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Malmsey . | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port .. .. .. .. | 1/8 | 8/- |
| Port, Pontak, Worcester Hock en Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Goue Sjerrie (Droog) .. | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie .. .. | 2/3 | — |
| „Cocktail" .. .. .. | 4/- | — |
| Vermouth (Droog en Soet) | 2/9 | — |
| **DROë WYNE:** | | |
| Boergonje (Rooi) .. .. | 1/9 | — |
| Riesling en Droë Wit .. | 1/6 | — |
| **FONKELWYNE:** | | |
| Grand Spumante .. .. | 10/- | — |
| Grande Splendore .. .. | 7/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Eureka .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| A.I .. .. .. .. .. .. | 8/- | — |
| Boegoe .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEURE:** | | |
| Peperment .. .. .. .. | 7/- | — |
| Kersie, Van der Hum, Gemmer en Anys | 6/6 | — |
| **JENEWERS:** | | |
| Droë, Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

**VOORWAARDES:**
Voeg by 20/- per vaatjie en 5/- per kissie met bottels. Hierdie deposito's word onmiddellik vergoed op ontvangs van leë inhouers, spoorvrag betaald.

**EXCELSIOR WYNMAKERY (Edms.) Bpk.**
**VLAKTEPLAATS-STASIE (KAAPLAND)**

# Partye Was Verbode In S.A. Republiek

## *Die Burger Geantwoord*

**In 'n poging om die Britse partystelsel in Suid-Afrika te handhaaf, nadat dr. Malan self in 1941 hom ten gunste van die „wegveging" van hierdie stelsel uitgelaat het, beduie die H.N.P.-pers dat dit verkeerd van die O.B. is om te beweer dat daar nie 'n partystelsel in Transvaal bestaan het nie. So haal Die Burger van 12 Augustus nog weer 'n artikel uit Die Transvaler van 'n jaar gelede aan om te „bewys" dat die Transvalers die partypolitiek beoefen het.**

Wat is nou die feite?

**Was daar 'n regerende party en 'n opposisieparty in Transvaal?**

**Nee, in 1889 het Paul Kruger self sy teenstander, genl. Piet Joubert, genomineer as kandidaat vir die presidentverkiesing.** Sal genl. Smuts vandag dr. Malan as kandidaat nomineer of Churchill vir Attlee? In die partypolitiek is so iets nie net onbekend nie, maar onmoontlik, want as die een partyleier die ander partyleier nomineer, verval die partykonstitusies en verkiesingsprogramme waarop die verkiesing geveg word. **Dit sal beskou word as 'n kwaadwillige poging om die volk opgesaal te kry met die verkeerde man en die verkeerde konstitusie.**

**Was daar 'n leier van die opposisie in Transvaal?**

**Nee, ná elke verkiesing — selfs nog die laaste een kort voor die uitbreek van die oorlog — het die teenstander van pres. Kruger, genl. Joubert, lid geword van die Kruger-kabinet in die hoedanigheid van minister ven verdediging, of kommandant-generaal, soos hy toe genoem is. Maar hy was lid van die kabinet en nie opponeerder daarvan, soos in die partystelsel nie.**

### VRY GEWETE

**Was daar partykoukusse in die Republiek?**

**Nee! Daar was 'n volksregering,** en daarom kon genl. Joubert en sy volgelinge sonder gewetenskwelling saam met die Kruger-volgelinge stem oor Indiër-immigrasie en naturelle-aangeleenthede, al kon hulle oor ander dinge moontlik verskil.

In die partystelsel daarenteen word parlementslede deur hul partykoukus gedwing om teen hul oortuiging te stem. Lees maar dr. Malan se beklemtoning hiervan tydens die jongste sitting in verband met die Indiërwet. Hy het toe gepraat van die „tirannie van die partysweep" wat die verteenwoordigers van die Verenigde Party belet om teen die maatreël te stem. **In Transvaal was die volksverteenwoordigers nie gebonde aan partykoukusse en swepe nie, maar aan hul gewete en kiesers, aangesien daar geen partye was waaraan hulle groter trou as teenoor hul volk verskuldig was nie.**

### DEUR WET VERBIED

Die O.B. het tevore artikel 9 van Wet 14 van 1893 aangehaal om te bewyys dat verkiesingsorganisasies deur wetgewing in Transvaal belet was om by 'n verkiesing op te tree. Die Burger probeer ons stawing weerlê met aanhaling uit Die Transvaler asof hierdie wet in 1894 herroep en deur 'n ander vervang is. **Dit is misleidend, want die betrokke artikel is opnuut opgeneem in Wet 3 van 1894.**

Die feit dat dieselfde artikel ook 'n verbod plaas op omkopery met geld of drank, verander niks aan die geldigheid van die verbod op georganiseerde stemwerwery deur „verkiezingscomite's" nie. Dit bewys slegs dat die Transvaalse volksvaders die euwel van politieke party-organisasies by 'n verkiesing oor dieselfde kam geskeer het met die euwel van omkopery.

### BLY TUIS!

Daar is egter nog 'n belangrike bepaling in die Wet van 1894 wat die partypolitiek soos ons dit vandag ken, onmooontlik gemaak het.

**Artikel 5 bepaal naamlik dat geen persoon in 'n ander wyk as waarin hy woon, mag deelneem aan die verkiesing nie.**

Die meeste wat hy toegelaat word, is om in 'n ander wyk te stem, mits die veldkornet hom 'n sertifikaat gee wat getuig dat hy nog nie in sy eie wyk gestem het nie. **Maar deelneem aan die verkiesing mag hy nie. „Niemand mag buiten de wijk zijner inwoning deelnemen aan . . . . eene verkiezing."**

**Hoe sou die partye met hul ingevoerde kandidate en kolonnes propagandamakers, wat wissel van Eerste Minister tot gehuurde vraestellers, by hierdie artikel verbygekom het?**

### „ORGANISASIES"

Die Transvaler, met Die Burger, voer as laaste bewys aan dat daar dan wel politieke organisasies in die Republiek bestaan het, en benewens 'n paar Uitlander-organisasies word ook stigtings soos die „Burgermacht" en „Eendrachtelijke Burgermacht" genoem as synde „politieke partye". **Maar hierdie organisasies was geen partye nie,** net so min as wat die Handhawersbond van 'n paar jaar gelede of die Reddingsdaadbond van vandag partye was of is, **want hulle was nie ingeskakel by die wetgewende en verkiesingstelsels van die Republiek nie en het tewens geen grondwetlike status beklee nie.** Onder die huidige partystelsel dra die grondwet die landsbestuur aan 'n politieke party op en word daar spesiale banke ingerig vir die verskillende partye in die parlement. Ook die parlementêre prosedure is in ooreenstemming met die bestaan van deelnemende partye, en die leier van die opposisie kry selfs besoldiging, nie as volksverteenwoordiger nie **maar inderdaad in sy hoedanigheid as leier van 'n party!**

### ALMAL VOLKSKANDIDATE

**Nie alleen het die organisasies waarna Die Burger en Die Transvaler verwys, geen staanplek in die regeringstelsel gehad nie. Hulle KON kragtens artikel 9 van Wet 3 van 1894 nie deelneem aan 'n verkiesing nie, en KON kragtens artikel 5 van genoemde wet ook nie hul leiers en sekretarisse van die een kiesafdeling na 'n ander stuur om propaganda vir hul kandidate te maak nie.**

Inderdaad was daar dan ook geen „Burgermacht-kandidate" of kandidate van die een of ander organisasie nie. **Al die kandidate was VOLKSKANDIDATE wat hul kiesafdelings gaan verteenwoordig het, en nie 'n politieke party soos vandag nie.**

Hierdie organisasies het dan ook een vir een verdwyn omdat hulle, soos dr. Albert Coetzee in sy „Politieke Groeperinge" aandui, nie onder die gevestigde Boerevolk kon wortel skiet nie. **Dr. Coetzee gee as verklaring hiervoor aan dat die Transvalers geen belang in politieke organisasies gestel het nie, omdat hulle die staat as hul politieke organisasie beskou het. Omdat die staat 'n VOLKstaat was, en nie 'n PARTY-staat soos ons dit vandag ken nie, het die volk geen behoefte aan allerlei stigtings gehad nie.**

### VELDKORNET HELP L.V.

En hoe seer die volksraadslede van die Republiek as volksverteenwoordigers beskou is — in teenstelling met partyverteenwoordigers — blyk uit 'n bepaling van die reglement in verband met Wet 4 van 1890, waarkragtens die veldkornet — daardie onpartydige volks- en militêre leier van elke wyk — **„verplicht" was „om in zijn wijk de Raadsleden van zijn district in het houden hunnen bij-eenkomsten en het oproepen daarvan alle hulp en assistentie te verleenen en in persoon tegenwoordig te zijn."**

Die hou van vergaderings deur die volksraadslede was dus 'n VOLKsaak, en volgens dieselfde reglement was die doel daarvan om die wette te verduidelik aan die kiesers en laasgenoemde se gevoelens te verneem.

Onder die partystelsel daarenteen is 'n politieke vergadering net 'n propagandasaak.

### VAN OORDT BEVESTIG

Om op te som: **In Transvaal het daar geen partystelsel bestaan nie. Optrede van organisasies of komitees by verkiesings was onwettig, en bemoeiing van 'n kieser in 'n ander kiesafdeling as waarin hy woon was uitdruklik verbode.**

Die geskiedskrywer J. F. van Oord beklemtoon hierdie feit in sy werk „Oom Paul" waar hy op bladsy 794 verwys na die verkiesing van 1898 en as volg verklaar:

**„De verkiezingstryd werd met veel meer kalmte en bedaardheid gevoerd, dan het geval was in 1892; en wat tot deze kalmte bydroeg was het niet-bestaande van Verkiezings-comite's die in 1893 door den Volksraad waren verboden, daar men hun gevaar in het vorige jaar ingezien had."**

Daarom veg die Ossewabrandwag vir 'n volkstradisie as hy teen die ingevoerde partystelsel veg en hom beywer vir 'n partylose volkstaat.

---

**WIL ONDERWYSERS INVOER:** 'n Besluit om Engelse onderwysers uit Engeland vir Suid-Afrika in te voer ten einde die tekort aan Engelse onderwysers in Suid-Afrika aan te vul, is deur die Witwatersrandse skoolraad geneem.

## *Genl. Botha As Boere-Krygsman Gehuldig*

Op 15 Augustus is die standbeeld van wyle generaal Louis Botha voor die Uniegebou, Pretoria, onthul. Die verrigtinge is bygewoon deur 'n skare van nagenoeg 20,000 wat verteenwoordigend was van alle dele van die Unie, asook buitelandse verteenwoordigers. Die beginsel van tweetaligheid is deurgaans by die verrigtinge gehandhaaf. In die openingstoespraak is die name van mnre. Louis Esselen en W. Tiechman vermeld as besondere beyweraars vir die oprigting van die standbeeld. Die standbeeld toon genl. Botha in die drag van 'n Boere-generaal.

Die onthulling van die beeld het geskied deur mev. H. de Waal, dogter van wyle genl. Botha. In toesprake is besondere hulde gebring aan genl. Botha as dappere held van die Tweede Vryheidsoorlog. 'n Duidelike beeld is van hom geskilder as mindere stafoffisier wat geklim het tot die rang van Kommandant-generaal vir die Boerestrydmagte.

Genl. Smuts wat as hoofspreker opgetree het, het gesê dat die boodskap van genl. Botha vir die nageslag een van menslikheid en versoening eerder as van haat en vergelding is. As genl. Botha vandag nog moes geleef het, dan sou sy beleid ongetwyfeld nog soos in die verlede gebaseer gewees het op die beginsel van menslike vergewensgesindheid en heropbou na die stryd. **Hierdie weg van wyle genl. Botha, het spreker gesê was 'n weg wat vandag nog vir ons as rigsnoer kan dien, want die nuwe wêreld waarna ons almal verlang, kan slegs op die grondslag van menslikheid en versoening bereik word.** — (Korr.)

---

## *Dankie*

Mev. A. C. Junghans, kommandante van die Tafelberg-vrouekommando, skryf: „Ek wil net graag al die offisiere en brandwagte wat so getrou gehelp het met die insameling van fondse van harte bedank. Sonder hul ywer kon die pragtige bedrag nie ingesamel gewees het nie."




GEKLEUR VIR NUWE DIENS

KLEURSPESIALITEITE

PAARL STOOMWASSERY

★ WAS
★ KLEUR
★ DROOG-SKOONMAAK

Posbus 35 Foon 214

DIE PAARL

„HUGENOOTSTASIE

(Goedere Halftarief)

(2)



NUWE WURMMIDDELS

GESONDE SKAPE EN BEESTE

kry u deur die toediening van —

**FEN POEIER** — Die moderne middel teen knoppies- haak-, haar-, bankrot- en ander wurms in die melkpens en derms van skape, bokke en beeste. Verbasende uitwerking. Kan enige tyd van die jaar gebruik word maar veral aanbeveel in die winter om die diere goed skoon te maak wanneer die droogte die veld skoonmaak.

2 lbs. 11/6; 5 lbs. 28/9; 150 lbs. £41-5-0.

**TETRASOL** — 'n nuwe gekonsentreerde preparaat van tetrachloor-etileen, word met water aangemaak vir gebruik teen lintwurms, haar-, haak- en bankrotwurms in skape, bokke en beeste en neuswurm by skape. Aanbeveel vir gereelde behandeling dwarsdeur die jaar.

1 gal. (genoeg vir 600 groot skape) 22/-.

**SLAKMIDDEL** — 'n nuwe gekonsentreerde preparaat van tetrachloorkoolstof, word met water aangemaak vir gebruik. Die regte middel teen lewerslak in skape, bokke en beeste en rondewurms in hoenders.

1 gal. (genoeg vir 4,500 skape) 21/-; ¼ gal. 7/-.

Verkrygbaar van u ko-operasie of ander leweransier, of direk van:

Agricura Laboratoria Beperk

Andersonstraat 204 JOHANNESBURG